

FEBRUARIE | FEBRUARY 2015

Volume 17 | № 2

GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons op die web



NITRO-LIQ PLR

Premium Liquid Nitrogenous Fertiliser

RIZO-LIQ

Omni-Protected Insecticide

Signum Bio-Inductor

BBM&C and Signum Insecticide

MBFi

Jou wetenskaplike groeienvoot

landini

7-175 | 7-190 | 7-215



LANDINI 7 REEKS

- verbreed die grense
van jou landboubehoefte

LANDINI 7 REEKS - BETAPOWER ENJINS

Landini 7 Reeks	7-175	7-190	7-215
Maks. enjinkrug (kW)	121	130	138
Maks. enjinspoed (rpm)	1900	1900	1900
Aangeslange enjinkrug (kW)	117	122	133
Aangeslange enjinspoed (rpm)	2200	2200	2200
Maks. wringkrug (Nm)	679	798	810



BETAPOWER Enjins

Verkoelings-sisteem
maklik diensbaar

Moderne kajuituitleg - Outo styl

Geslotte hidrouliese
sisteem**HOOFKENMERKE:**

- Betapower 6,7 liter, 24 klep, 6 silinder Turbo enjins met Drukbuisinspuiting en Lug tot Lug tussenkoeling
- "Pro Drive" ratkas met spoelkas (shuttle) en kruiprat verskaf 40 vorentoe + 40 truratte deur 'n 6 gang 4 spoed kragskakel per gang ratkas
- Kragaftakker met elektro-hidrouliese inskakeling verskaf 4 spoedkeuses teen 540/540E/1000/1000E rpm
- Soliede tipe vierwelaangedreve vooras met elektro-hidrouliese inskakeling
- Kat III, 3-punt hyser, 3 afstandbeheerde kleppe, hidrouliese pompvloeitempo van 90 l/min en 'n hyskapasiteit van 9300 kg
- Premierkajuit - outo-styl, skep 'n ware tegnologieuse kajuitbinneruim wat die operateur in volle beheer van al die trekkerfunksies plaas.



VIR MEER INFORMASIE SIEN JOU NAASTE HANDELAAR OF KONTAK.
HOOFKANTOOR: 011 914 1700; KAAPROVINSIE: 011 914 1700, LIMPOPO
en MPUMALANGA: 082 653 4907, VRYSTAAT en NOORD-WES: 082 879 9550,
KWAZULU-NATAL EN OOS-KAAP: 082 957 4336

Webblad: www.argoindustrial.co.za Epos: landini@argoindustrial.co.za**ARGO Industrial (Pty) Ltd.**



Ontmoet ons medewerkers...

dit is dikwels minder inspanning om agter die kamera in te skuif as om self vir die kamera te glimlag. Dit het die redaksie en medewerkers van *SA Graan/Grain* besef toe hulle tydens die redaksie-afsluiting op 21 November verlede jaar op NAMPO Park hul plek moes inneem vir 'n groepfoto.

SA Graan/Grain se redaksionele span bestaan uit 'n kernredaksie onder leiding van Johan Loxton (bestuurder: Kommersiële Dienste, Graan SA), Estie de Villiers van Infoworks (redakteur), Johan Smit van Infoworks (tegniese redakteur) en Jurgen van Onselen van Kolbe Reklame (advertensiebestuurder).

Die landbou-ekonome, ander tegniese spesialiste en bemarkingspersoneel van Graan SA tree op as gerekende medewerkers oor elke faset van insette, produksie en bemarking in die graanbedryf. Die Landbounavorsingsraad lever 'n stellige bydrae tot die inhoud van die tydskrif deur middel van navorsers en tegniese personeel verbondé aan onder andere die LNR-Instituut vir Graangewasse, die LNR-Kleingraaininstituut asook die LNR-Instituut vir Landbouingenieurswese. Spesialisbydrae van kundiges uit die breë graan-, meganisasie en veebedryf verskyn gereeld in die tydskrif.

SA Graan/Grain bring hiermee huile aan elke medewerker en adverteerde wat 'n bydrae lever om te verseker dat die tydskrif, as die graanprodusent se kennissenoot, maandeliks gepubliseer word.

Concern has been shown about the persistent decline of areas sown to wheat in South Africa. In 1982, South Africa cultivated more than two million hectares of wheat and have ever since declined to 482 000 hectares in 2014 with the majority of the area lost in the summer rainfall region, or more specifically, the Eastern Free State. In the article "How do we compare with 'down under'?" **DIVAN VAN DER WESTHUIZEN** and **LINDSAY TRAPNELL** make a comparison between the South African and Australian wheat industries in order to measure and benchmark the relative competitiveness of the South African wheat industry with a large global player such as Australia ([page 51](#)).



MEDEWERKERS vir hierdie uitgawe

Usman Aly, Rona Beukes, Pietman Botha, Chris Dannhauser, Jannie de Villiers, Bradley Flett, Elmarie Helberg, Ashley Herbert, Stephan Hochstein, Koos Kirsten, Wessel Lemmer, Corné Louw, Frans Minnaar, André Nel, PJ Pieterse, Ruth Schultz, Gerrie Smit, Hendrik Smith, Loureine Salomon, Liana Stroebel, Lindsay Trapnell, Wayne Truter, Gerrie Trytsman, Hans van der Berg, Divan van der Westhuizen, Willem Voogt en Andries Wessels

VOORPUNT



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

"*h*

ulle het ingetrou! Twee keer!" bel my middelste broer my nou die dag uit die bloute; hoogsontsteld. "Huh? Wie? Wat? Waarvan praat jy?" vra ek oorbluf.

Hij het die familiestamboom en -name begin navors en érens baie lank terug het twee agterkleinneefs en -niggies met mekaar getrou – wat seker nie snaaks vir daardie jare was nie. (Of was dit?) Dit is baie interessant om te sien wie waarvandaan kom; hoeveel kinders elkeen gehad het; en wat die ou familiename was. (En hoeveel vrouens party gehad het; die arme vrouens is baie vroeg dood...Seker ook geen wonder as 'n mens kyk na al die orrelpypies wat elkeen gehad het nie!) Die meeste van ons voorsate was ook produsente gewees...Boerdery loop sterk in ons bloed.

Ek was onlangs bevoordeel om saam met ander landboujoernaliste op 'n Absa-mediatoer na die Stellenbosch- en die Breedekloof wynvallei-area te gaan (sien bladsy 62). Wat my veral opgeval het, buiten natuurlik die natuurskoon en heerlike wyn, is die ongelooflike familiegeskiedenis en ryke tradisies op hierdie ou wynaars. Op die please wat ons besoek het, boer daar sesde; sewende en agtste geslagte wat steeds in die ou, statige herehuise woon wat al vroeg in die negentiende eeu gebou is.

Dit was ook baie interessant om met van die wynprodusente te gesels en te hoor dat hulle ook maar met dieselfde probleme en kopsere as graanprodusente worstel: Hoë insetkoste; natuur-elemente; uitvoere na oorsese markte waar produsente gesubsidieer word; en arbeidsaangeleenthede.

In dié uitgawe vergelyk Divan van der Westhuizen en Lindsay Trapnell van BFAP, die Suid-Afrikaanse en Australiese koringbedryf met mekaar. Moenie die artikel "How do we compare with 'down under'? Measuring and comparing the competitiveness of the South African wheat industry with Australia" – op bladsy 51 – misloop nie.

Wessel Lemmer en Corné Louw (albei senior ekonome van Graan SA) het ook onderskeidelik gaan kyk na "Gaan die laer ruoliepryse 'n groot impak op die VSA mieliemark hé?" (bladsy 30) en "Is laer ruoliepryse = laer insetpryse?" (bladsy 34).

Lekker lees tot volgende maand! Sien julle by Kongres.

Estie




40



36



9



13

INHOUD | CONTENTS

FEBRUARIE/FEBRUARY 2015

• GRAAN SA | GRAIN SA

- 8 Lede-landskap
- 8 Nuusbakkies
- 9 Bemagtigingsmodelle wat in die Wes-Kaap werk (Deel 1)
- 10 Kongres 2015 kyk na volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming

MINI FOKUS OP GRONDBONE | MINI FOCUS ON GROUNDNUTS

- 13 Februarie in die grondboonland
- 14 Grondbone: Hoekom heffing betaal?
- 19 Grondboonverwerkers funksioneer voortaan ook as invorderingsagente
- 20 Volatile times yield opportunity

• OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 22 'n Kykie na direkte plant proewe in Suid-Afrika – 'n oorsig oor drie jaar
- 29 Graanmark-oorsig: Die impak van weerstoestande op die binnelandse mieliemark

- 30 Gaan die laer ruoliepryse 'n groot impak op die VSA mieliemark hê?
- 34 Inset-oorsig: Is laer ruoliepryse = laer insetpryse?
- 36 Conservation agriculture: Integrated crop and pasture-based livestock production systems (Part 12)
- 40 Onkruid in die winterreënvalstreek: Gousblom (*Cape marigold*) (Deel 9)
- 44 Só lyk besproeiing se bydrae tot graanproduksie
- 47 Hittekanker by sonneblom vanjaar opgemerk
- 48 Nuwe navorsing oor bakteriese blaarstreep maak broodnodige kennis moontlik

• AKTUEEL | RELEVANT

- 51 How do we compare with "down under"? – measuring and comparing the competitiveness of the South African wheat industry with Australia
- 58 Nasionale industrie-rolspelers besoek die Wes-Kaap
- 61 Monsanto kyk terug oor 2014
- 62 SA Grain/Sasol Chemicals (Fertiliser) photo competition: Finalists in a head-to-head battle

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660

BESTUREnde REDAKTEUR: Johan Loxton

Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7276

E-pos: johan@grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING

(ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans

Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7281

E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

REDAKTEUR: Estie de Villiers

Tel: 013 752 5731 • Sel: 083 490 9449

Faks: 086 275 4157

E-pos: estiedv@mweb.co.za

SA GRAAN/GRAIN TEGNIESE REDAKTEUR: Johan Smit

Tel: 018 468 2716 • Faks: 018 468 7782

Sel: 082 553 7806

E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmien Bosch

Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmien@infoworks.biz

BLADUITLEG EN REPRODUKSIE: Ashley Erasmus,

Infoworks

Tel: 018 468 2716 • E-pos: ashley@infoworks.biz

DRUKWERK: Colorpress

Tel: 011 493 8622

SPOTPREENTEKENAAR: Frans Esterhuyse

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad

Jurgen van Onselen

Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874

E-pos: jurgenvo@iburst.co.za

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad

Johan van Onselen

Tel: 022 451 2773

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park

Witheritestraat 457

Die Wilgers

Pretoria

0041

Tel: 08600 47246

Faks: 012 807 3166

Besoek Graan SA op die web: www.grainsa.co.za



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- “Promosie-artikels” is betaalde artikels; terwyl “produkinligting”-artikels feitlik kan bevat oor kommersiële produkte.
- “Advertisials” are paid articles; while “product information” articles may contain facts on commercial products.

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorhou ingevolge die bepalings van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

BEWARINGSLANDBOU

22

- 62 Kos en wyn (en goeie geselskap) "trou" met mekaar
- 65 Goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge in die kollig
 - Chris Schoonwinkel van Wesselsbron
- 66 Superslim toerusting is aan die voorpunt van kommunikasie
- 69 New high-tech line to increase output capabilities and improve efficiencies

RUBRIEKE | FEATURES

- 1 Voorpunt
- 4 Graan SA Standpunt: Reeds uit die wegspringblokke
- 5 Grain SA Point of View: Already out of the starting blocks
- 5 Uit die Woord
- 7 Om die waarheid te sê...
- 7 Op die kantlyn
- 71 Wiele vir die plaas: Baie waarde in die nuwe Sportage-pakket
 - padindrukke: Kia Sportage 2.0 AWD CRDi AUTO
- 72 E-posse aan Grootneef: Witgeverfde steenkool

Acknowledgement is hereby given to the Maize Trust for its financial contribution towards the distribution of this magazine.



Voorblad | Cover

MBFI. Wêreldklas-entstowwe. Vir meer inligting besoek ons by www.mbf.co.za of skakel +27 82 738 0080/072 796 3793.

Foto: Desember 2009, SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie

Graan SA

STANDPUNT POINT OF VIEW



JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

Reeds uit die wegspringblokke

die jaar het afgeskop en is volstoom aan die gang. Ons spanne is besig met streeksvergaderings in die veld om inligting te deel en die gemoedstemming op grondvlak te bepaal voor ons Kongres 2015 aanpak.

Dit bly maar altyd vir my 'n lekker ervaring om saam met al die produsente te dink oor die toekoms en dit waarmee Graan SA besig moet bly. Ons staan nou die aand by Lekkerrus in Limpopo om die vure ná die vergadering en praat oor die gaping tussen die dinge waarmee elke produsent daaglik besig is op die plaas en die dinge wat oor my tafel gaan. "Ja, Graan SA kommunikeer beter as in die verlede, maar die gaping bly steeds daar," was een van die opmerkings.

Mnr Willem Groothof (Graan SA-hoofbestuurslid) verduidelik aan die manne wat hy beleef het toe hy die eerste paar Hoofbestuursvergaderings bygewoon het en die gaping wat hy moes oorbrug vanaf plaasvlak na nasionale sake.

Ons het ook oor die weer gepraat en dit was wonderlik toe ons ete op die ou end deur 'n heerlike bui reën onderbreek is en ons lekker in die reën teruggery het Pretoria toe. Die mark (en die produsente) raak elke dag al hoe meer senuagtig as daar nie reën vir die Noordvoorspel word nie. Ons bly maar so afhanklik van ons God om te voorsien.

Die menigte in ons land wat bykans net 'n van-die-hand-tot-diemond-bestaan voer, is soms so totaal onbewus van die mini-krisisse wat elke dag op die plaas afspeel om kos vir die nasie te voorsien.

Olieprysdalings hou goeie vooruitsigte in vir sekere insette, maar kan nogal die internasionale mark befoeter as die voorrade bly styg. Dít ten spyt, bly die vraag na graan steeds styg en gee dit ons steeds moed.

Daar is heelwat onweerswolke in die lug oor die Graan SA se Graanprodusentontwikkelingsprogram en ons leiers sal binnekort groot besluite oor die toekoms daarvan moet neem. Die nuwe trustees wat die minister op die graantrusts aangestel het, is nie

“...is soms so totaal onbewus van die mini-krisisse wat elke dag op die plaas afspeel om kos vir die nasie te voorsien.”

meer produsente of wetenskaplikes nie, maar wel politikusse. Hulle bring nuwe sienings en prioriteite en beskik in sommige opsigte oor min ervaring van die graanbedryf. Baie van die huidige projekte word opnuut besoek en baie vroeë word gevra. Dit op sigself is nie 'n probleem nie, maar die vrye mark het nie baie aptyf vir inmengerigheid nie. Dit is dinge waarmee ons baie omsigtig moet omgaan.

Daar is ook groot opgewondenheid oor die hand wat die adjunkminister van Landbou (generaal Bheki Cele) na georganiseerde landbou uitsteek. Teen die einde van Januarie vanjaar, sou al die bedrywe kans gehad het om hulle vreugdes en uitdagings met die ministerie te kon deel en saam na oplossings te soek.

Ek is ook opgewonde oor die nuwe verwikkelinge en brawe besluite wat in die koringbedryf geneem word. Ek hou dit natuurlik met besonderse belangstelling dop, aangesien ek 'n groot hand in die ontwikkeling van die huidige bestel gehad het toe ek nog aan die ander kant van die draad was. Soos toe, het ek nou baie min vriende aan die ander kant van die draad... Wat my egter bemoedig, is dat die bedryf saam besluit het dat dit tyd is vir drastiese veranderinge.

Ek probeer elke jaar by ander streke 'n draai maak, sodat ek darem so oor tyd oral in die land by ons lede kan uitkom. Hoop ek sien jou iewers by een van die streeksvergaderings of by Kongres. ■

Already out of the starting blocks

the year has kicked off and is going at full throttle. Our teams are busy with regional meetings in the different areas to share information and to test the mood at ground level before tackling Congress 2015.

It continues to remain a pleasant experience for me to take time with producers to ponder the future and what activities Grain SA should collectively involve itself in. After the meeting the other evening at Lekkerrus in Limpopo, we were standing around discussing the gap between those matters producers are busy with on a daily basis on the farm as opposed to those matters crossing my table. "Yes, Grain SA is communicating better than in the past, but the gap remains" was one of the remarks.

Mr Willem Groothof (Grain SA member of the Executive) explained to the guys what he experienced when he attended the first few Executive meetings and the gap he had to bridge from farm level to national issues.

We were also discussing the weather and it was wonderful when the end of our dinner was interrupted by a lovely rain shower and we drove back to Pretoria in the rain. The market (and producers) are getting more and more nervous every day if rain is not forecast for the North. We do remain so utterly dependent on our Heavenly Father to provide.

The multitude in the country who live a virtually from-the-hand-to-the-mouth-existence are often so totally unaware of the mini crises that play out on the farm on a daily basis to provide food for the nation.

Oil price decreases hold good prospects for some inputs, but can also bedevil the international market should the supply continue

to rise. This regardless, the demand for grain continues to give us good faith.

There are various dark clouds gathering regarding the Grain SA Grain Farmer Development Programme and our leaders will shortly have to take some major decisions about the future of this programme. The new trustees appointed by the minister to the various grain trusts, are no longer producers or scientists, but politicians.

They bring new views and priorities and in some instances have very little experience of the grain industry. Many of the current projects are visited anew and many questions are being asked. This in itself is not a problem, but the free market does not have an appetite for meddling. These are issues we have to treat circumspectly.

There is also quite some excitement about the hand offered to organised agriculture by the deputy minister of Agriculture (general Bheki Cele). By the end of January this year, the various agricultural industries would have had the opportunity to share their joys and challenges with the ministry and jointly search for solutions.

I am also excited about the new developments and brave decisions being reached by the wheat industry. I am naturally watching it with particular interest since I had a large hand in the development of the current system whilst I was still on the other side of the fence. Like then, I now have very few friends on the other side of the fence. However, what encourages me is the fact that the industry has jointly decided that it is time for drastic changes.

Each year I endeavour to visit different regions so that I, at least over time, can reach our members all over the country. I hope to see you at one of the regional meetings or at Congress. ■

Uit die
WOORD

DS KOOS KIRSTEN



en so breek die nuwe jaar aan. Met 'n groot geskal en vrolijkheid word hy ingewy. Vir sommige is dit die begin van 'n nuwe era in hulle lewe, vir ander beteken dit eenvoudig net dat 2014 verby is. Vir een persoon is dit 'n belangrike mylpaal in sy lewe, terwyl dit vir 'n ander net die oorgang van een jaar na die ander is. Tog is dit 'n geleentheid wat feestelik gevier word. Ons hou van nuwe dinge. Nuwe klere, nuwe voertuie, nuwe trekkers en implemente. Nuwe goed werk en lyk mos baie beter as die oues. Die nuwe goed bly egter nie lank nuut nie. Nuwe goed verslyt ook met tyd en gebruik. Niks in hierdie wêreld hou vir altyd nie, daarom hou ons daarvan om nuwe dinge te koop of te kry en vier ons graag Nuwejaar. Hoe lekker sou dit nie wees as alles altyd nuut kan bly nie.

Dit is ook nie net ons wat van nuwe dinge hou nie. Die Here hou ook daarvan. Soveel keer in die Ou Testament lees ons dat Here vir Israel sê dat Hy 'n nuwe begin met hulle sal maak, dat Hy nuwe dinge met hulle sal doen en dat Hy 'n nuwe verbond met hulle sal sluit. Die ou dinge gaan verby en sal plek maak vir die nuwe. Hy het selfs sy Seun na die wêreld gestuur om 'n nuwe era in die geskiedenis van die mensdom te laat aanbreek. Met die kom van

Christus is die ou verbond afgesluit en het die nuwe aangebreek. God het oorbegin met ons om ons uit die mag van die sonde en die dood te red. Christus het gekom om nuwe lewe aan elkeen te gee wat in Hom glo.

Die Here sê ook dat Hy alles een dag nuut gaan maak (Open 21 en 22). Hy gaan die hemel en die aarde nuut maak. Hy gaan die nuwe stad Jerusalem op die nuwe aarde bou sodat ons in 'n nuwe plek kan bly waar nik sal verslyt of vergaan nie. Alles sal hulle glans en skoonheid behou en alles gaan vir ewig hou. God is egter so haastig om dit te doen dat Hy nou al daaraan begin werk. Hy maak elkeen wat in Christus glo nou al nuut. In Christus is ons nuwe skepsels (2 Kor 5:17). Deur die werking van die Heilige Gees word ons weer gebore om nuwe mense te wees, nuwe mense in 'n ou sondige wêreld. Ons is nuwe mense en moet daarom ook soos nuwe mense lewe. Ons moet die sonde aflê en die nuwe mens beklee. Ons is nuut gemaak en daarom moet almal kan sien dat ons nuut is. Ons nuutheid mag nie verslyt en gedaan raak nie. Ons moet die glans van nuwe mense in hierdie ou verslede wêreld uitstraal. ■

Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na estledv@web.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan die kans om hierdie Bybel te wen.

Baie geluk aan Suzan Montewa van Wesselsbron wat vir die November-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.

Droë jaar of nat jaar?



Vinniger stroopgereed, hoër opbrengs, wyer aangepas

Platform vir Sukses

Phb 33H56
Phb 33H54BR
Phb 33H52B




Tel: +27 12 683 5700 | www.pioneer.com

© 2013 PHII.

Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
®, SM, TM Geregistreerde handelsmerk van Pioneer.



Om die WAARHEID te sê...



Beurtkrag, jou stekelrike ding... Maar gelukkig kan 'n boer mos 'n plan maak! Eskom het produsente aangemoedig om elektrisiteit te bespaar aangesien hul voorsien dat Februarie en Maart beurtkraggewys moeilike maande gaan wees.

Load shedding, you rascal, you... Luckily we all know that farmers can make a plan come together! Eskom has urged producers to save electricity as they predict that February and March are going to be difficult months load shedding-wise.

Op die KANTLYN

- United States stocks of **biofuels** jumped **1,38 million barrels** to 20,23 million barrels, the highest since January 2013.
- 15 January 2015, Brent crude oil price is \$48,69 a barrel, which is **53% lower** than the same time a year ago.
- At the same time, US corn prices was \$174 a ton, which is **17% lower** than the same time a year ago.

- Source: Agrimoney (www.agrimoney.com/news/ethanol-futures-hit-9-year-low-weighting-on-corn-prices--7865.html)

TREK ROOI KRINGE OP JOU KALENDER OM:

4 en 5 Maart:
Graan SA Kongres op NAMPO Park
12 tot 15 Mei:
Graan SA NAMPO Oesdag

“ The poisonous EFF policies of land grab have impoverished and left many countries destitute in the world and therefore cannot be copied in South Africa. ”

- ANC Gauteng spokesperson Dumisa Ntuli in a press statement on 11 November 2014.

2,9 m tons

The annual amount of maize China imported on average over the last five years.

“ Grain SA plays a very big role in my life as a female farmer. ”

- Preline Swart (Elim) on Grain SA's Facebook page

Gee gerus jóú mening van die kantlyn af:

estiedv@mweb.co.za

083 490 9449

LEDE-LANDSKAP

n 180°-blik op ons lede en tak-aletiwete

WILLEM VOOGT, bestuurder: Finansiële Dienste en Bemarking, Graan SA



Graanprodusent van die Jaar 2013 geniet Syngenta se gasvryheid in Switserland

HANS VAN DER BERG, ledebemarking en kommunikasiebeampte, Graan SA

Syngenta, as hoofborg van die Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar-toekenning, bied jaarliks 'n sewendaag-vakansie in Switserland aan die wenner van hierdie gesogte toekenning.

Nadat die Rhys Evans Groep hierdie eer te beurt gevall het gedurende 2013, het mnr Anthony Evans aan mnr Arno Cronjé (algemene bestuurder van die Rhys Evans Groep) en sy vrou, Jeanine, die geleentheid gebied tot hierdie wonderlike ervaring. Hul besoek wat gedurende September verlede jaar plaasgevind het, het ook besoeke aan Syngenta se hoofkantoor in Basel en die navorsingsfasiliteit in Stein ingesluit.

Tydens hul besoek aan Basel het mnr Jan Suter, Syngenta se hoof: Afrika en Midde-Ooste en mnr David Ashton hul ook na mielie-aanplantings in die omgewing geneem. Cronjé beskryf hul besoek aan Stein as een van hul interessantste uitstappies ooit.

Hier het hy die geleentheid gehad om by die behandeling van mieliesaad, ook die bedekkingsproses (*coating*) te kon waarneem – nie net die proses in die laboratorium nie, maar ook die praktiese toets in plantereenhede. Volgens Cronjé het sy mond letterlik

oopgehang oor die omvang en akkuraatheid waar plante en insekte in die kweekhuise vermeerder word om produkte te toets.

Volgens hom was dit vir hulle 'n ongelooflike ervaring en die enorme omvang van die navorsing wat Syngenta doen voordat 'n produk in die mark kom, het hom opnuut oortuig van die kwaliteit van die produkte en Syngenta se rol as vennoot in die boerdery.

Die Cronjé's en die Evans Groep het groot waardering vir die geleentheid wat Syngenta aan hulle gebied het met hierdie ongelooflike toer. Hulle het 'n paar dae in Lucerne deurgebring vanwaar hulle verskeie besienswaardighede besoek het.

Hul besoek aan Mt Titlis, waar hulle met 'n reeks kabelkarre die berg opgeneem is, was gewis 'n hoogtepunt. Daar het hulle ook die geleentheid gehad om oor 'n hoë hangbrug te loop en deur 'n gletsergrot te stap.

Die groot bederf het ook besoeke aan Mt Pilatus (met die steilste treinspoor ter wêreld), Stanserhorn se ultramoderne kabelkarre en Davos ingesluit, waar hulle die prag van die Alpe kon ervaar. Gewis iets wat hulle nie op Viljoenskroon sou kon ervaar nie! ■



▲ Ten spyte van die -3°C-temperatuur op Mt Titlis, geniet Arno en Jeanine Cronjé, in lieflike soneskyn, die pragtige uitsig vanaf een van die hoogste pieke vanwaar jy groot dele van Switserland kan sien.

Nuusbrogkies

SA Graan/Grain redaksie

Bothaville gebou verkoop

► Die Graan SA gebou op Bothaville is in die proses om oorgedra te word aan die Abel Bezuidenhout Familietrust. Graan SA huur steeds kantore by die nuwe eienaar, as basis vir werksaamhede te NAMPO Park. Nico Vermaak (bestuurder: Korporatiewe Dienste, Graan SA) wens Attie Bezuidenhout,regs, geluk met die oornname van die Graan SA gebou op Bothaville.



Welcome

► Jaque Radipabe was appointed as creditor's clerk at Grain SA in Pretoria. ■

Bemagtigingsmodelle wat in die Wes-Kaap werk

– Deel 1



▲ 1: Lede van die Knolkop Bemagtigings Trust.

▼ 2: Begunstigdes inspekteer hul koring.

▼ 3: 'n Baie gesonde medics kamp.

▲ 4: Jacob Afrikaner berei voor vir planttyd.

▼ 5: Uitsig oor 'n gedeelte van Knolkop se grond.

▲ 6: Skeertyd op Knolkop.

▼ 7: Graan SA-studiegroepvergadering bygewoon deur Knolkop-produksente asook ander ontwikkelende produksente uit die omgewing.

LIANA STROEBEL, ontwikkelingskoördineerde, Graan SA

Die bemagtiging van plaaswerkers en kleinboere is 'n konsep wat die afgelope tien jaar toenemende aandag op alle vlakke van die landbousektor geniet het. Ons praat met baie produksente wat vir jare lank met idees en planne in hulle koppe rondloop, maar nog nie die regte struktuur of vrymoedigheid gehad het om dit te implementeer nie.

Ons as mense probeer almal om tot 'n mate verandering te vermy en onsekerheid nog meer! Die doel van hierdie artikel is om lig te werp op bemagtigingsinisiatiewe wat in die praktyk werk en dien as voorbeeld van wat moontlik is.

Ons beoog om oor die volgende paar maande vier praktiese bemagtigingsmodelle met leser te deel. Hierdie modelle dien slegs as 'n raamwerk en is totaal aanpasbaar. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die produksente wat hierdie inisiatiewe dryf en/of mentor, ook aanvanklik met 'n basiese raamwerk begin het en onsekerhede gehad het, maar oor tyd hulle modelle aangepas het volgens hul eie visie, behoeftes en omstandighede.

Graan SA gesels met mnre Corne Rust en JP Truter van Knolkop Boerdery, buite Moorreesburg.

Hoe presies werk die model waarby julle betrokke is en wat is julle rol?

In 2010 het ons 'n plaas gekoop wat grens aan ons bestaande plaase. Ons het 'n maatskappy gestig wat die besigheid bedryf onder die naam Knolkop Boerdery. Daar is drie aandeelhouers in die maatskappy, naamlik: I.C. Rust (37%), JP Truter (37%) en Knolkop Bemagtigings Trust (26%).

Die maatskappy boer met koring en medics en die wins word volgens aandeelhouding versprei. Skaapboerdery, hooisny en baalwerk word slegs tot die alleen voordeel van die Trust bedryf.

Rust is as mentor verantwoordelik vir die skaapboerdery saam met mnre Jacobi Cleophas. Truter is as mentor verantwoordelik vir die saaiery en medics saam met mnre Jacob Afrikaner. Beide is op gerekende basis regdeur die jaar besig om aan die nege begunstigdes die nodige opleiding en vaardigheid te leer om uiteindelik stelselmatig meer onafhanklik te funksioneer.

Waar kom julle vandaan en wat is jul agtergrond?

Ons het albei grootgeword in die boerderyopset in die Swartland-distrik. Albei ons families is al sowat vier geslagte lank betrokke by die onderskeie boerderye. Ons het dus die voorreg gehad om waardevolle ondervinding en kennis wat deur geslagte oorgedra is, toe te pas en verder uit te brei.

Ons het landbou studeer aan die Elsenburg Landbou Opleidings-instituut op Stellenbosch en het albei onderskeidelik 20 jaar ondervinding in koring, skaap en beesboerdery.

Wat het julle gemotiveer/geïnspireer om by bemagtiging betrokke te raak?

Ons is deel van die nuwe generasie produksente wat glo dat landbou 'n kardinale rol speel in die vooruitgang en sukses van Suid-Afrika se ontwikkeling. Ons wou al 'n geruime tyd betrokke raak by bemagtiging en die plaas wat tussen ons plaase in die mark gekom het, was daardie gulde geleentheid.



Kongres 2015 kyk na volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming

ESTIE DE VILLIERS, redakteur, SA Graan/Grain

Grondhervorming is tans 'n vuurwarm onderwerp wat deur beleidmakers, politieke partye, bedryfsorganisasies en produsente gedebatteer word. Dit is dus heel aktueel en relevant dat vanjaar se Graan SA Kongres gaan fokus op volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming.

Die minister van Landbou, Bosbou en Visserye, minister Senzeni Zokwana, sal ook die Kongres bywoon en as spreker optree.

Die eerste kongresbespreking, "Volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming", sal ingelei word deur minister Zokwana en mnr Kip Tom (besturende lid van Tom Farms LLC, Indiana, VSA).

Tydens die paneelbespreking sal mnr Roelf Meyer (direkteur: In Transformation Initiative) gesels oor hoe om die Nasionale Ontwikkelingsplan, voedselsekerheid en volhoubare produksie te versoen, terwyl dr Marinda Visser (bestuurder: Bedryfsdienste, Graan SA) sal kyk na die navorsingsfokus vir die graan- en oliesadebedrywe vir volhoubare produksie.

'n Tweede gespreksessie word beplan waartydens die praktiese implementering van grondhervorming deur mnr Japie Grobler (voorsitter: ASUF) ingelei sal word en mnr Schalk Pienaar (voorsitter: Agbiz) tydens die paneelbesprekings oor die finansiering van grondhervorming sal gesels. Mnr Andrew Makenete (direkteur: Manama Hole en Musa Capital) sal praktiese voorstelle vir grondhervorming

Graan SA Kongres vind op 4 en 5 Maart op NAMPO Park plaas.

gee, terwyl me Preline Swart (Swart Boerdery) probleme wat deur nuwe toetreders oorbrug moet word, sal bespreek.

Paneelbesprekings sal geleei word deur mnr Max du Preez (skrywer, joernalis en analis) en daar sal ruim geleenthed gebied word vir interaksie deur direkte gesprekvoering asook die sosiale media, met die onderskeie sprekers en lede van die paneel.

Dag 2 (5 Maart) sal fokus op die werksaamhede van die onderskeie bedryfswegbreekgroepe, waartydens bedryfspesifieke aangeleent hede aangespreek sal word.

Navrae

Indien daar enige navrae is, kontak me Patricia Mahlatsi of me Ilray Stuurman (afgevaardigdes uit streke), me Nita van der Merwe (gaste-uitnodigings) of mnr Nico Vermaak (oorhoofse Kongresreelings) by 08600 47246. ■

Bemagtigingsmodelle wat in die Wes-Kaap werk

Ons wou graag ons werkers die geleenthed bied om te streef na groter doelwitte waaruit hulle finansiële voordeel kan trek. Hierdie was ook 'n geleenthed om ons werkers die nodige opleiding te gee sodat hulle stelselmatig 'n eie besigheid kan bestuur wat ten bate van hul nageslag sal wees.

Wat is die model se sterkpunte?

Die feit dat almal betrokke by hierdie projek, werklik die gesamentlike doel het om hierdie projek te laat werk en 'n sukses daarvan te maak. As meerderheidsaandeelhouers is ons gemotiveerd om 'n sukses te maak van hierdie besigheid. Ons glo daarin om die besigheid met 'n langtermynoogpunt te bestuur tot voordeel van almal betrokke.

Die maatskappy se boeke word deurlopend geoudit en 'n finansiële kundige waarmee die begunstigdes gemaklik voel, word deur die ouditeurs voorsien, om toe te sien dat die begunstigdes deeglik die finansiële proses verstaan en vertrou.

Die feit dat die plaas tussen die twee mentors se plase is, maak dit logisties maklik om gereeld as mentors toe te sien dat die begunstigdes die regte boerderypraktyke volg en toepas.

Is daar uitdagings?

Die grootste uitdaging vir die begunstigdes is om hulle lening terug te betaal. Die begunstigdes moes 'n lening aangaan om hul aandeelhouing in die maatskappy te bekom. Gelukkig is dit 'n goeie plaas waarin die begunstigdes 'n aandeel het, met 'n hoë

opbrengspotensiaal wat dit makliker maak om die terugbetaalings te finansier.

Wat bepaal volgens julle die sukses van hierdie projek waarby jul betrokke is?

'n Deurslaggewende faktor is dat ons saam met die begunstigdes boer en só deur die waardevolle kennis wat ons van landboupraktyke het, op 'n deurlopende en stelselmatige wyse kan oordra aan die begunstigdes.

Beide die begunstigdes en mentors is hoogs gemotiveerd om 'n sukses van hierdie projek te maak en die onderskeie partye het al vir die afgelope vier jaar 'n suksesvolle wedersydse werksverhouding. Die finansiële hulp wat die Departement van Landbou met die insetkoste bygedra het die afgelope twee jaar, het definitief bygedra tot die sukses van hierdie projek.

Julle boodskap aan ander kommersiële produsente daar buite?

Die begunstigdes vir wie jy wil bemagtig, moet 'n liefde en belangstelling in landbou hê en gemotiveerd wees om hiervan 'n sukses te maak. Só 'n projek het nie plek vir 'n "ons besigheid – hulle besigheid" uitgangspunt nie. Dit moet uit die staanspoor 'n spanpoging wees.

Daar is baie rolspelers in die landbou wat jou kan help om so 'n projek suksesvol aan te pak. Kontak gerus Graan SA en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye. ■



AG-CHEM PRODUCTS FOR WHEAT

SEED TREATMENT:

XSeed SD is a Zinc, phosphorus and molybdenum seed dressing containing seaweed extract.

ADJUVANTS:

Aqua-Right® 3 and 5 are water-soluble buffers for specific use with those agricultural chemicals whose optimal performance in spray water require a pH 3 or 5 respectively.

Also contains a wetting agent to ensure adequate wetting of all plant surfaces.

Aqua Right® 7 is a water soluble buffering and non-ionic wetting agent for specific use with those agricultural chemicals whose optimal performance in spray water require a neutral pH.

FERTILISERS:

The Voema Range is a water soluble liquid suspension fertiliser range with micro elements for foliar feeding and fertigation.

Voema Starter® NT: 2:1:2 (40) (w/v) or 2:1:2 (27) (w/w)

Voema Vegetative® NT: 5:1:3 (44) (w/v) or 5:1:3 (30) (w/w)

Voema Flower + Fruit® NT: 3:1:5 (40) (w/v) or 3:1:5 (27) (w/w)

Voema Calmag® + TE: 10:0:1 (10) (m/m)



These are only some of the products which can be used. Contact your nearest Ag-Chem distributor regarding information about all the different products and to help you design a crop specific spray-program.

Xseed SD Reg. No. B4579 Act No. 36 of 1947; Aqua-Right® 3 Reg. No. L6896 Act No. 36 of 1947; Aqua-Right® 5 Reg. No. L6205 Act No. 36 of 1947;
Aqua-Right® 7 Reg. No. L6895 Act No. 36 of 1947; Voema Starter® NT Reg. No. K7624 Act No. 36 of 1947; Voema Vegetative® NT Reg. No. K7625 Act No. 36 of 1947;
Voema Flower & Fruit® NT Reg. No. K7626 Act No. 36 of 1947; Voema Calmag + TE Reg. No. K5239 Act No. 36 of 1947

Ag-Chem Africa (Pty) Ltd
(Reg. No. 1998/013411/07)
P.O.Box 589, Silverton, 0127, Gauteng, RSA
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418
www.agchem.co.za



IS JY 'N TROTSE MIELIEBOER?

Wys ons met 'n foto wat jou trots maak om 'n mielieboer te wees.



Poncho® Reg. Nr. L8581 (Wet Nr. 36 van 1947)
Poncho® is 'n handelsmerk van Bayer CropScience AG, Duitsland.
Poncho® bevat Clothianidin (Skadelik).
Poncho® Votivo™ Reg Nr. L9250 (Wet Nr. 36 of 1947).
Poncho® Votivo™ bevat Clothianidin Neonicotinoid (chloro-nicotinyl) en *Bacillus firmus* (Versigtig).
Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

Bayer (Edms) Bpk Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1609. Posbus 143, Isando, 1600.
Tel: +27 11 921 5229

www.bayercropscience.co.za

WAT KAN JY WEN:
Eersteprys: R10 000 geskenkbewys
Tweede Prys: R5 000 geskenkbewys
Derde Prys: R3 000 geskenkbewys

DAAR IS OOK:
12 geskenkbewyse ter waarde van R1 000 op die spel.

KOMPETISIE SLUIT:
31 Augustus 2015.
Wenners sal teen 15 September 2015 per epos aangekondig word.

KOMPETISIEREËLS: 1. Slegs voltydse mielieboere mag inskryf. 2. Elke inskrywing moet die naam, selfoonnummer, eposadres en posadres van die inskrywer en/of fotograaf bevat. 3. Deelnemers kan 'n maksimum van vyf foto's oor die tydperk van die kompetisie inskryf. 4. Slegs foto's wat per epos of op CD verskaf word, sal in aanmerking geneem word. Foto's moet ten minste 300 dpi of 3 MB wees. 5. Foto's kan gestuur word na marna.swart@bayer.com of aan Marna Swart, Posbus 143, Isando, 1600. 6. Alle inskrywings word die eiendom van Bayer (Edms) Bpk en mag vir promosiedoeleindes gebruik word. 7. Geen kopiereg mag voorbehou word nie en deur in te skryf doen dit fotograaf afstand van enige kopiereg. 8. Geen werknemers van Bayer (Edms) Bpk mag inskryf nie. 9. Pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie vir kontant geruil word nie. Die organiseerders hou die reg voor om pryse te vervang met enige ander prys met soortgelyke markwaarde. 10. Die besluit van die beoordelaars is final en hulle sal in geen korrespondensie betrokke raak nie.



Bayer SeedGrowth™

Minifokus op grondbone

SA Graan/Grain gee erkenning aan die volgende adverteerders en instellings vir hul deelname aan die mini-fokus op grondbone:

- Graan SA
- LB Nuts
- LNR-Instituut vir Graangewasse ■

Februarie in die grondboonland

LOUREINE SALOMON, LNR-Instituut vir Graangewasse

Met die grondbonaanplanting wat relatief vroeg afgehandel is aan die begin van die seisoen, behoort meeste van die grondbone nou al die twee en 'n half maande groeitydperk bereik het.

Hierdie plante sal dus nou reeds sterk in die peulvormingstadium wees, dus moet daar gesorg word dat die blaredak behou bly. Grondbone wat onder besproeiing aangeplant is, sal nou ook 'n groter wateraanvraag toon aangesien die waterverbruik binnekort 'n piek van 4 mm water per dag gaan gebruik.

Uit die staanspoor moet daar gewaak word teen oorbesproeiing, aangesien grondbone geneig is tot peulvrot as die plante nie kans gegun word om ordentlik af te droog tussen watertoedienings nie. Dit is ook lank reeds tyd om op die uitkyk te wees vir blaarvlekke.

Die regte metode is om weekliks deur die lande te stap en plante kort-kort te ondersoek vir tekens van blaarvleksimptome. Dit is noodsaaklik om tot in die binnekant van

die plant se blaredak ondersoek in te stel, aangesien vroeë en laat blaarvlek eerste op die oudste blare voorkom (**Foto 1**).

Vroeë blaarvlek se simptome is 'n donkerbruin vlek wat omring is met 'n geel kring en wat voorkom op die bokant van die blaar (**Foto 2**). Laat blaarvlek daarenteen, is 'n donkerbruin tot swart vlek wat aan die onderkant van die blaar voorkom (**Foto 3**).

Hierdie blaarvlek begin gewoonlik voorkom vanaf die middel tot die einde van die seisoen. Dit is noodsaaklik om die blaredak van die grondboonplant te behou om optimale peulvorming en vulling te verseker asook om die oesproses te vergemaklik.

Spatselvlek (**Foto 4**) is natuurlik een van die blaarvlekke waarvoor daar spesifiek uitgekyk moet word, aangesien hierdie swamsiekte in staat is om 'n hele grondboonland binne twee weke te ontblaar. Die omstandighede wat baie bevorderlik is vir die ontwikkeling van spatselvlek, is koel, bewolkte weer wanneer die blaaroppervlak nie vinnig in dieoggend afdroog nie.

Dit is uiteraard noodsaaklik dat produsente 'n goeie blaarvlek-spuitleprogram moet volg. Wees egter uiteraard versigtig vir enige blaarvoedings aangesien daar gewaak moet word teen die stimulasie van vegetatiewe groei by grondbone. Die stimulasie van vegetatiewe groei veroorsaak dat die plant nie voortgaan met peulvorming en vulling nie en net fokus op blaarvorming en dus gaan waardevolle tyd verlore wat eerder bestee kan word aan opbrengsversekering as aan voerproduksie.

'n Grondboonprodusent moet altyd bewus wees van wat in die grondboonland aan die gebeur is. Wat is die stand van onkruidbeheer? Is daar 'n korslaag besig om te vorm ná harde reëns? Is daar moontlike luisprobleme? Is daar enige snaakse tekens wat aandag behoort te geniet?

Voorsorg is beter as nasorg. Solank daar goeie bestuur geskied gedurende die seisoen, is die kans op 'n goeie oestydperk soveel beter. Onthou: 'n Grondboonprodusent se voetspore lê vanaf plant- tot oestyd in sy grondboonlande. ■



◀ 1: Só ondersoek 'n mens die binnekant van 'n grondboonplant.
◀ 2: Vroeë blaarvlek op grondbone.
◀ 3: Laat blaarvlek op grondbone.
▲ 4: Spatselvlek op grondbone.

Grondbone:

Hoekom heffing betaal?

FRANS MINNAAR, voorzitter: Grondbone Spesialiswerkgroep, Graan SA

In die westelike dele van die graanproduserende streke, speel grondbone 'n belangrike rol as alternatiewe gewas en hou dit wisselbouvoordele vir produsente in. Alhoewel die totale gemiddelde grondboonooes maar sowat 0,6% van die totale mielie-oes is, was 'n ton grondbone vanjaar tot vyf keer meer wend as 'n ton mielies.

Nog 'n belangrike rol wat grondbone speel, is die groot vermenigvuldigingseffek in die informele markte waar straatsmouse 'n bestaan uit grondbone maak.

Met verlede jaar se Graan SA Kongres is besluit dat grane gedifferensieerde heffings moet betaal wat rofweg 0,1% van die randwaarde per ton op daardie stadium was. Die heffing vir grondbone is R13/ton.

Gewasse kompeteer onderling met mekaar vir hektare as dit by aanplantings kom. In die Noordwes Provincie is sojabone op oorlêlande; en in die Wes-Vrystaat is mielies in hoëprysjare die belangrikste kompetisie vir grondbone. Sojabone begin ook 'n rol in die Wes-Vrystaat speel. Nietemin is daar nog baie boerderye waar grondbone elke jaar effektiel verbou word ook as gevolg van die voordele vir wisselbou en grondboonhooi vir veevertakkinge.

Graan SA se rol

Hoe verteenwoordig Graan SA sy lede? Wat is die omvang van Graan SA se invloed? Dit is aansienlik: Met 16 interne werkgroepe en komitees waarvan sewe na die verskillende bedrywe se belange omsien.

Graan SA het sitting op die vyf graantrusts, vier graanforums en vier graan tegniese en advies komitees. Op die vlak van georganiseerde landbou, het Graan SA sitting op Agri SA se algemene raad en Bedryfskamer en nog sewe ander komitees.

Verder is daar afgevaardigdes na al tien provinsiale landbounes en TLU SA se kongresse. Graan SA het ook sitting op agt Landbounavorsingsraadkomitees, twee Departement van Landbou komitees, sewe kwaliteitstandarde komitees en sewe ander komitees en direksies.

Vir grondbone het Graan SA 'n Spesialiswerkgroep en verteenwoordiging op die Grondbone Forum asook op die Oliesade Advieskomitee en die Olie- en Proteïnsade Ontwikkelingstrust. Dit illustreer hoe wyd die invloedsfeer van Graan SA strek.

Die Grondbone Spesialiswerkgroep

'n Spesialiswerkgroep se taak is om alle inset-, produksie- en markverwante aspekte van die betrokke kommoditeit te hanteer. Dit word via verkose en gekoöpteerde Graan SA-lede gedoen. Verder sluit dit ook die identifisering en evaluering van navorsingsbehoeftes in, die verantwoordelikheid om toe te sien dat die navorsing uitgevoer word asook die monitering en vordering van die spesifieke navorsing.

Graan SA is by uitstek 'n produsente-organisasie. Dit is egter ook so dat sommige van ons lede ook grondboonverwerkers is en dat verwerkers 'n belangrike rol in die bedryf speel. Produksie van gesertifiseerde saad is ingewikkeld.

Verwerkers speel 'n belangrike rol hier en hou só die bedryf aan die gang. Die Grondbone Spesialiswerkgroep het homself ten doel gestel om altyd eerst die produsent en dan die res van die bedryf se belang te bevorder.

Missie en visie van Graan SA se Grondbone Spesialiswerkgroep

Missie

Die bevordering van die primêre grondboonbedryf deur produksie, markte, mededinging in 'n vryemarkomgewing, die sake- en beleidsomgewing, navorsing en meganisasie aan te spreek tot voordeel van al Graan SA se lede asook die grondboonbedryf.

Visie

'n Vooruitstrewende primêre grondboonbedryf met stabiele produksie in 'n vryemarkomgewing waar veilige, hoëkwaliteit voedsel tot ekonomiese voordeel van opkomende en kommersiële produsente geproduseer word ten bate van voedselsekerheid en werkskepping.

Strategiese doelwitte

Produksie

In terme van produksie, het Graan SA 'n Bewaringslandbouwerksgroep waar verminderde bewerkingspraktyle ondersoek word. Daar is ook van die werkgroeplede wat alreeds hiermee eksperimenteer. 'n Uitdaging hier is hoofsaaklik winderosie nadat grondbone uitgehaal is en dit kan moontlik deur dekgewasaanplantings aangespreek word.

Markbevordering

Vir binnelandse markbevordering moet daar veral gekyk word na die mededingendheid van grondbone as 'n proteïenbron. As gevolg van twee jare van ondergemiddelde produksie, het grondboonpryse baie gestyg en sodoende hoë prys behaal wat weer 'n kopersweerstand laat ontwikkel het. Konstante verskaffing van hoëgehalte voorraad teen bekostigbare prysse sal hierdie probleem help aanspreek.

Selfs in oorsese markte het ons swak oeste die voorafgaande twee jaar veroorsaak dat kopers ander lande van oorsprong geïdentifiseer het vir aankope. Alhoewel die VSA, Brasilië en Argentinië nie dieselfde kwaliteit as Suid-Afrika produseer nie, het Japannese en Europese markte nou gewoon geraak aan hulle tipe produk en bederf geraak deur hul laer prysse.

Japan en Europa is dus huiwig om tradisionele premies te betaal en reken dat die Suid-Afrikaanse produk te duur is. 'n Rotterdam-handelaar by Aldebaran Kommoditeite, mnr Paul van Velzen,



▲ Graan SA ondersteun die LNR in hul pogings om befondsing te kry vir 'n nasionale kultivarteelprogram.

reken dat daar ook net kleiner grade soos 70/80, 60/70 en 50/60 uit Suid-Afrika beskikbaar is en dat Suid-Afrikaanse grondbone buite perke hoog geprys is.

Suid-Afrika was tradisioneel gesien as 'n Spaanse-tipe produserende land en die smaak en pitvorm het 'n rol gespeel. Moet ons herein lees dat buitelandse markte groter pitte soek en ook ander tipes sal aanvaar?

Interessant is dat Runner- en Valencia-tipe grondbone in die VSA 'n pryspremie bo Spaanse tipes het. Grondboonprodusente ontvang internasionaal maar tussen \$400 en \$500 per ton peule gelewer, in vergelyking met Suid-Afrikaanse produsente se tussen \$600 en \$700 die afgelope seisoen.

Binnelands het ons 'n groot potensiële mark, maar opbrengs per hektaar sal moet toeneem sodat grondbone meer bekostigbaar raak en dat produsente steeds insettief het om grondbone aan te plant. Daar sal hard gewerk moet word aan buitelandse markte om ons reputasie terug te wen en dit moet as 'n nismark behou word. Verder moet daar ondersoek ingestel word na nie-tradisionele uitvoermarkte wie se vereistes dalk nie so streng is nie. Graan SA se personeel het opdrag om elke moontlike nuwe graanuitvoerland te ondersoek vir grondboonuitvoere.

Goeie landboupraktyke

Voedselveiligheid speel 'n al hoe groter rol en die implementering van goeie landboupraktyke op plaasvlak is nie meer onderhandelbaar nie. Die Grondbone Spesialiswerkgroep het die Bederfbare Produkte Uitvoerbeheerraad (PPECB) ook versoek om kursusse by verwerkers aan te bied om produsente op te lei in goeie landboupraktyke sodat hulle daaraan kan voldoen.

Opkomende landbouprodusente

Grondbone kan ook baie sinvol as 'n peulgewasrotasiestelsel by

opkomende landbouprodusente aangewend word vanweë stikstofvoordraging en wisselbouvoordele. Graan SA het 'n graanprodusentontwikkelingsprogram onder leiding van me Jane McPherson wat opleiding en leiding aan hierdie produsente verskaf en groot sukses behaal.

Die Grondbone Spesialiswerkgroep het die samewerking van twee verwerkers om te help met grondboonproduksie onder opkomende produsente. Verder poog ons om loodsprojekte aan die gang te kry vir die 2015/2016-produksieseisoen. Tans bly finansiering die grootste probleem, want kommersiële banke en selfs die Land Bank sien opkomende landbou as té riskant.

Sake-omgewing en beleidvorming

Graan SA het verteenwoordiging op die Grondbone Forum en kry dus die geleentheid om insette te lever wat die sake-omgewing en beleidvorming deur staatsdepartemente, soos die PPECB en die Departemente van Landbou en Gesondheid kan beïnvloed.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die saamstel van goeie landboupraktyke op plaasvlak waar Graan SA insette gelewer het. Deur produsente se belang hier te beskerm, verseker ons dat produksie volhoubaar en sonder onnodige regulasies en wette kan voortgaan.

Navoring

Die grootste, huidige enkele uitdaging vir die grondboonbedryf in terme van navoring, is sekerlik die identifisering of teel van kultivars wat aan nodige kwaliteitstandarde voldoen en verhoogde opbrengste lever.

'n Belangrike beperking hier is die kort groeiseisoen en die hoogte bo seevlak. Laasgenoemde veroorsaak dat nagtemperature koeler is as op seevlak en as gevolg hiervan het sommige oorsese kultivars plaaslik sowat 20 tot 30 dae langer groeityd nodig om tot hul volle potensiaal te ontwikkel.



KRY MEER MET TURBOMAIZE®



ODONGHUE & ASSOCIATES 33014



'N BLAARVOEDING WAT SY GEWIG IN GOUD WERD IS.

TurboMaize® van Arysta LifeScience is wetenskaplik geformuleer om wortelontwikkeling te stimuleer, voedingswanbalanse reg te stel en die volle opbrengspotensiaal van elke plant te ontsluit, wat jou keer op keer beter resultate gee. Resultate van 18 proefterreine in 2013/14 het 'n gemiddelde toename van 375kg/ha bevestig ...maar sou jy werklik iets minder verwag van die vervaardigers van Kalach®?



Arysta LifeScience

Sunbury Kantoorpark 7, van Douglas Saunders Rylaan,
La Lucia-Rif, Suid-Afrika 4019. Tel: 031 514 5600
www.rystalifescience.co.za

Registrasiehouer: Arysta LifeScience South Africa (Pty) Ltd

Mpy. Reg. Nr.: 2009/019713/07

TURBOMAIZE® BEVAT: N 120 g/kg / 42 g/l / P 60 g/kg 71 g/l / Mg 2.6 g/kg 3 g/l / Aminosure 1.7 g/kg 2 g/l / Fe 430 mg/kg 507 mg/l / Cu 83 mg/kg 98 mg/l / Zn 432 mg/kg 510 mg/l / Mn 165 mg/kg 195 mg/l / B 435 mg/kg 513 mg/l / Mo 73 mg/kg 86 mg/l / Sitokinine 8.5 mg/kg 10 mg/l / Ouksiene 2.5 mg/kg 3 mg/l. Reg. No.: K 7246 Wet No. 36 van 1947 Lees en volg altyd die aanwysings op die etiket. TurboMaize en die TurboMaize logo is geregistreerde handelsmerke van Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk.

KALACH® BEVAT glifosaat 510 g/l Reg. No.: L8311 Wet No. 36 van 1947 versigtig



▲ Met verlede jaar se Graan SA Kongres is besluit dat grane gedifferensieerde heffings moet betaal wat rofweg 0,1% van die randwaarde per ton op daardie stadium was. Die heffing vir grondbone is R13/ton.

Grondbone: Hoekom heffing betaal?

Graan SA ondersteun ook die LNR in hul pogings om befondsing te kry vir 'n nasionale kultivarteelprogram en sal behulpsaam wees met die daarstel van wetenskaplik gefundeerde teeldoelwitte.

Een van die mees onderskatte probleme in grondboonproduksie, is die Afrika peulaalwurm wat eie aan Suid-Afrika is en groot kwaliteit-, sowel as opbrengsverliese veroorsaak. Die Grondbone Spesialiswerkgroep sal ook ander belangrike navorsing identifiseer en tot uitvoer bring soos nodig.

Kultivarevaluering

Soos genoem, werk die Grondbone Spesialiswerkgroep nou saam met die LNR om weer 'n nasionale kultivarevalueringsprogram aan die gang te kry. Ons ondersteun verder ook OPOT se ELITE-kultivarprogram, waar oorsese lyne ingevoer en geëvalueer word deur die LNR.

Ons is ook bereid om enige ander instansie te ondersteun met die inbring en toets van buitelandse kultivars met dien voorwaarde dat dit vir die hele bedryf beskikbaar gestel word. Sulke programme moet ook binne die wette en regulasies van die plantverbeteringswet gedoen word sodat bioveiligheid nie in gedrang kom nie.

Meganisasie van veral die droogproses

Verhoogde meganisasie, veral van die droogproses, is onvermydelik om die bedryf weer volhoubaar te kry. Goedkoper metodes van droging moet veral ondersoek en geïmplementeer word. Gradering van grondbone teen hoër vogpersentasies en die bepaling van vreemde materiaal verskil van die ou riglyne. Die Grondbone Spesialis Werkgroep het die PPECB versoek om nuwe riglyne oor gradering en droging saam te stel sodat produsente meer ingelig kan wees.

Grondboonproduksiebevordering

Graan SA bevorder die produksie van grondbone deur aan ver-

werkers hulp te verleen op hulle boeredae met die verskaffing van personeel om markinligting oor te dra. Sodanige verwers moet as invorderingsagente geregistreer wees en vroegtydig reël vir beplande boeredae. Dit is verder ook onderhewig aan personeelsbeskikbaarheid en dat Graan SA 'n billike spreekbeurt sal kry op die boeredae. Verder sorg die organisasie ook dat relevante artikels in die SA Graan/Grain-tydskrif gepubliseer word sodat die produksie van grondbone daardeur bevorder kan word.

Ten slotte

Goeie landboupraktyke is van kardinale belang veral ten opsigte van aflatoksienvoorcoming. Nakoming hiervan sal vir ons markte in die buiteland verseker.

Kultivars wat verhoogde opbrengste lewer en peulaalwurmweerstandbiedend is, moet gevind of geteel word. In die proses moet gehoor gegee word aan bioveiligheid, want roekeloze handeling hiermee het die potensiaal om die hele bedryf te vernietig. Verhoogde meganisasie is onafwendbaar en grondbone moet oor die regte redes verbou word en nie net om uit die mieliekoste-knyptang te ontsnap nie.

Daar is baie werk te doen in die primêre grondboonbedryf. Ongelukkig is die bedryf baie ingewikkeld en klein en kan besluite op plaasvlak en andersom ook die res van die bedryf beïnvloed.

Dit is egter ook waarin die uitdaging is. Hierdie werk word deur toegewyde produsente en personeel van Graan SA gedoen en daarvoor is fondse nodig. Onthou net: Daar is niemand anders wat jou grondboonprodusent se belangte op die hart dra nie.

Die voortbestaan van jou produsente-organisasie, Graan SA, is van kardinale belang. So, of jy verwerker of produsent is, betaal asseblief jou heffing en neem ook aktief deel, raak self ook betrokke, dit sal in die langer termyn dividende oplewer. ■

GEHALTETOERUSTING VIR GEHALTEVOER

- ▶ Tolnsyfers van 2,55-3 m, driepunt en sleep, met of sonder kneuser afhangend van model
- ▶ Kragharke, enkel- en dubbelrotor, werkwydte van 3,6 tot 7,6 m
- ▶ Hooilugter, werkwydte van 5,2 m
- ▶ Klein en groot blokbalers
- ▶ Selfaangedrewe platsnyer met snykop en "draper"-tafel

KONTAK JOU MF HANDELAAR NOU!
Of skakel 011 898 0474 vir jou naaste handelaar



JOU EENSTOP VIR HOOIMAAK

VAN MASSEY FERGUSON

Grondboonverwerkers funksioneer voortaan ook as invorderingsagente

 **HANS VAN DER BERG**, ledebemarking en kommunikasiebeampte, Graan SA

Sedert die instelling van die bedryfsheffing het Graan SA ooreenkoms met verskeie landboubesighede en ander graanafnemers aangegaan waarvolgens hierdie instansies teen 'n agentskapsfooi, as invorderingsagente die bedryfsheffing namens Graan SA hef.

Dit maak dit dus vir produsente makliker om die oorbetaling van hul bedryfsheffing te verseker. Hierdie proses om die heffing by die eerste punt van levering te hef en waar die produsent toestemming verleen, bly steeds die maklikste manier hiervoor, maar die vrye mark het ook die vloeい van grane beïnvloed en met die verloop van tyd het Graan SA verskeie nuwe invorderingsagente aangestel en sal voortaan steeds daarvan werk om die lede en heffingbasis te verbreed.

Qualita Seeds eerste om proses in plek te kry

Tydens die afgelope seisoen het die Grondboon Spesialiswerksgroep, waar die verwerkers ook verteenwoordig word, die aangeleentheid bespreek en eenparig besluit om Graan SA ook in hierdie verband by te staan.

Dit het meegebring dat verskeie grondboonverwerkers reeds besoek is om die samewerkingsooreenkoms in plek te kry. In hierdie verband het Qualita Seeds geen gras onder hulle voete laat groei nie en alle produsente wat grondbone by hulle lever het toestemming daartoe verleen wat tot gevolg gehad het dat die heffings reeds die afgelope seisoen verhaal is en aan Graan SA oorbetaal is.

Graan SA het inderdaad groot waardering vir hierdie poging van Qualita Seeds en wil ook produsente bedank wat in die verlede self oorbetalings gedoen het op grondbone.

Produsente wat grondbone verbou, kan gerus hul verwerkers in hierdie verband nader om dit in plek te kry vir die komende seisoen.

Grondboonverwerkers wat op hierdie stadium reeds geregistreer is as invorderingsagente, is:

- Elkana
- Francois Minnaar
- Lemacor Peanuts
- Qualita Seeds
- RE Groundnuts
- Roba Foods
- Vaalharts Groundnut Marketing

Graan SA is egter van voorname om alle grondboonverwerkers in hierdie verband te nader en vertrou om die proses af te handel voor die volgende leverings.

SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie
– Karien Martinson 2012



Die bedryfsheffing word primêr aangewend om die kernbesigheid van Graan SA, naamlik om die navorsing- en ontwikkelingsprojekte, te befonds. Ander noodsaklike aksies wat die volhoubaarheid van granprodusente sal verseker, word ook uit die bedryfsheffing befonds. Die aanwending van die heffing word jaarliks tydens die Graan SA Kongres goedgekeur waar ook terugvoer gegee word oor alle aspekte van die bedryfsheffing.

Graan SA wil egter ook sy dank oordra aan produsente wat die verhoging van die bedryfsheffing ná die 2014 Kongres so positief aanvaar het. Vir twaalf jaar was dit onveranderd, maar inflasie het egter sy tol begin eis.

Elke lid se bydrae stel ons in staat om deurgaans binne die inset-, produksie-, mark- en beleidsomgewing die belang van die produsent met kundigheid en kapasiteit te verteenwoordig. ■

Hou die April-uitgawe van SA Graan/Grain dop vir ons spesiale fokus op die Graan SA NAMPO Oesdag.

Belangstellende adverteerders kan vir Jurgen van Onselen kontak by 082 417 3874 of 021 976 4482. ■

Volatile times yield opportunity

STEPHAN HOCHSTEIN, director: Procurement, LBNUTS AG

In the modern era of agricultural commodities, producers, processors and end-users find themselves in an ever challenging market environment. It is characterised by volatile prices due to changing weather patterns, competing crops and the globalisation of trade.

Increasing competition between origins and a strong consolidation trend in many industries, especially the South African peanut industry, are direct effects of this development. Volatile foreign exchange rates that cannot be anticipated add to this complex picture and make it challenging to run sustainable business models in the long term. Furthermore, the recent financial crisis certainly did not help to ease the financing needs of the industry.

More than ever, commodity markets are also dependent on macro-economic factors in China, the USA and Europe, as well as the shift of demand patterns in emerging economies. Producers, processors and end-users have to fulfil growing customer requirements concerning food safety as well as social and environmental standards, including the respective internationally recognised certifications.

Although this list of challenging factors is far from complete and there is certainly reason for caution, this volatile business environment offers plenty of excellent business opportunities for companies to generate long-term growth and profitable partnerships. This is valid not only for large multinationals or market leaders, but also for smaller and medium-sized players.

As an international expert in nuts and dried fruits, the Swiss-based LBNUTS AG, together with its German sister companies, has been involved in the South African peanuts industry since the early 1960s. The company business dates back to 1889 via its German sister company, Lorenz Snack-World Group, a leading producer of branded snacks in Europe.

It was the first company to introduce dough-coated peanuts into the European snack market using the South African Spanish type peanut due to its hand-picked selected (HPS) quality and round shape that made it ideal for coating applications. After the

end of the Oilseed Control Board, the restructuring of the industry and drought affected crops for several years, resulting in decreasing product availability for export. In response, LBNUTS differentiated its supply base by adding other Spanish peanut origins, such as India and the USA. However, unlike other buyers that completely turned away from the South African peanut origin, the company was convinced of the quality of the South African Spanish type peanut and further intensified contacts with its South African peanut suppliers leading to mutual beneficial relationships for many years now.

LBNUTS annually imports several thousand tons of HPS Spanish type peanuts into the European and North African markets. The company has roasting facilities in Germany and Egypt and representative offices in Cape Town (South Africa), Geneva (Switzerland) and Cairo (Egypt).

LBNUTS AG has a strong belief that the only way for producers, processors and end-users to prevail in today's volatile markets is to grow closer together in developing mutually beneficial, transparent and long-


term agreements. It is important to grow a common understanding on each side for the need of the producer/processor on the one hand and the customer requirements on the world markets on the other. This sets the base to develop supply chains with sustainable long-term competitive advantages instead of on and off opportunistic business. LBNUTS adds value for its suppliers by providing a continuous and long-term market for their high quality products.

The company supports its suppliers in bringing farming and processing facilities to the highest possible quality and food safety standards to enable the development of sustainable, traceable and socially responsible business practices. In addition, the company is offering access to its global logistics and technological expertise network and provides several financing services for its agricultural partners.

LBNUTS invites interested peanuts producers and processors to partner with us to achieve your goals and visions. This characterises the company's core competencies: From origin, nut expertise, partnering. ■



▲ LBNUTS AG was the first company to introduce dough-coated peanuts into the European snack market using the South African Spanish type peanut due to its hand-picked selected quality and round shape that made it ideal for coating applications.



**Your connection
to the global
nut market...**

We invite you to partner with us to achieve your goals and visions. LBNUTS is an international expert in nuts and dried fruits with headquarters in Switzerland.

We are a family owned business that is actively involved in all major nut consuming regions of the world, with facilities in Switzerland,

Germany and Egypt. We supply the food industry with high quality raw and processed ingredients. Our business dates back to 1889 via our German sister company, Lorenz Snack-World, and we have been involved in the South African peanut industry since the early 1960's. LBNUTS supports its suppliers in bringing farming and processing facilities to the highest possible quality and food safety standards. We offer access to our global markets, logistics and technological expertise networks, while also providing several financing services for our agricultural partners.

For more information please contact our South African regional manager, Hector Lazarus, at +27 82 415 7611 and visit the company website: www.LBNUTS.com

'n Kykie na direkte plant proewe in Suid-Afrika

– 'n oorsig oor drie jaar

↑ PIETMAN BOTHA, SA Graan/Grain medewerker

Na aanleiding van die ooreenkoms tussen Graan SA en die Argentina National Institute of Agricultural Technology (INTA) en in samewerking met die Argentynse Kamer van Implement Vervaardigers (CAFMA) en Fundación Cideter ('n stigting wat implementnavorsing, -ontwikkeling en -tegniese ondersteuning aan implementvervaardigers bied) is die derde reeks proewe in Suid-Afrika aangeplant.

Plaaslike insetverskaffers, naamlik Pannar, Syngenta, MBFI en Omnia het die direkte insette vir hierdie amptelike proewe goedgunstig verskaf.

Doel van proewe

Die hoofdoel van die stelselproewe was om die direkte plant (*no-till* in oesreste) praktyke wat in Argentinië toegepas word, teen die huidige Suid Afrikaanse praktyke te toets om te sien of dit werk.

Daar is vier amptelike proewe by die volgende lokaliteite aangeplant, naamlik:

- Nigel – wat die koeler oostelike gedeelte van die land verteenwoordig;
- Lichtenburg – wat die warmer westelike gedeelte verteenwoordig (slegs twee jaar);
- Odendaalsrus – wat die watertafelgronde verteenwoordig (slegs twee jaar); en
- Settlers – wat die Springbokvlakte en swaar turfgrond verteenwoordig.

Die proewe wat aangeplant is, het 'n oppervlakte van meer as 10 hektar per perseel beslaan. Hierdie proewe bestaan uit 'n konvensionele gedeelte wat die medewerker se bestaande praktyk insluit en dan die direkte plant, soos deur die Argentyne voorgestel. Wisselbougewasse is ook ingesluit en het bestaan uit sonneblom, sojabone, koring asook permanente aangeplante weiding.

In die direkte plant gedeelte, is 'n enkelkoppige, enkelstammige meliekultivar teen verskillende plantestande aangeplant. Die rywydtes het ook gevarieer en die volgende rywydtes is aangeplant, naamlik 0,52 m rye, 0,9 m rye, 1,5 m rye asook 'n 2,4 m ryspasiëring. Die sonneblom- en sojaboonaanplantings het verskillende kultivars met verskillende groeilengtes asook verskillende plantestande ingesluit en is ook in 0,52 m en 0,9 m rye aangeplant.

Plantestand

Die plantestand van die mielies in die direkte plant gedeeltes het vanaf 37 000 tot so hoog as 80 000 gewissel. Dieselfde bemesting- en onkruiddoderprogram is by alle gewasbehandelings per lokaliteit toegepas, behalwe in Nigel waar die hoër plantestande, hoër bemestingpyle ontvang het.

Van die staanspoor af was daar baie verskille tussen die konvensionele stelsel en die Argentynse direkte plant stelsels. Die eerste waarneming was rondom die grondversteuring. Die Argentynse planters het merkbaar minder versteuring van die grond veroorsaak. Tog het die turbo-kouters die grond genoeg versteur sodat die

saad op die regte diepte in die grond geplaas kon word. Wat verder opvallend was, is hoe gelyk die land was nadat dit met die Argentynse planters geplant is.

Ook was dit opvallend om te sien hoe gelyk die gewasse opgekom het wat met die Argentynse planters geplant is en dat die interplantspasiëring presies was. By die meerderheid van die proewe was die direkte plant mielies op dag agt reeds 97% op en vergelyk dit met die konvensionele stelsel waar dit tot elf dae geneem het om 95% stand te kry.

Onkruidbeheer

Die hoë plantestand met die nouer rye was onkruid se moses. Die oorskadu-effek was net te groot en die laat ontkiemende onkruid het die wind van voor gekry. Tog was dit ook opmerklik hoeveel meer onkruid daar in die bewerkte gedeeltes opgekom het, ongeag of die onkruiddoder toegedien is.





- ▼ 1: Dit is opvallend hoe min grond die Argentynse direkte plant planters versteur. Die gedeelte regs is met die Argentynse direkte plant planter geplant.
- ▲ 2: Die nie-tydige beheer van onkruid het hierdie toestand tot gevolg. Maak veral seker om uintjies vroegtydig te beheer.



In sommige plekke is uintjies 'n groot probleem wat meer aandag sal vereis. Daar is by verskeie proewe gesien dat winteronkruid hierdie hoë plantestand mielies tot hulle voordeel gebruik. Daar moenie te lank gewag word voor daar stroop word nie en die winteronkruide moet baie goed beheer word – veral as hulle nog baie klein is.

Die effek van wisselbou het ook uitgestaan en die mielieopbrengste op die gedeeltes wat met sojabone gewissel is, was soos verwag is, beter. Die effek van grondbedekking kon ook waargeneem word. 'n Foto wat uit die lug geneem is, toon duidelik hoe die gewasse verskil waar daar bedekking was en nie was nie. Dié waarneming is op Nigel gemaak waar die proefperseel totaal afgebrand het nadat 'n brand ontstaan het.

Groei en wortelontwikkeling

Wat die groei van die gewasse betref, is daar ook duidelike verskille waargeneem. Die gewasse wat in die direkte plant gedeeltes geplant is, het heelwat stadiger as die konvensionele gewasse gegroei. Tydens stroop was daar egter geen verskille tussen die stelsels nie.

Tydens die wortelondersoek was daar ook opvallende verskille tussen die stelsels. Die konvensionele stelsels se wortelverspreiding was oor die algemeen dieper as die direkte plant stelsels. Daar was opmerklik 'n groter konsentrasie van wortels in die boonste vrugbare gedeeltes van die grond by die direkte plant as by die konvensionele stelsels.

Tog is daar nêrens 'n paradys sonder 'n slang nie en hier het ons ook 'n hele paar interessante waarnemings gemaak. Waar die grond te nat was tydens plant en veral waar die oesreste baie dik was, het die planters se planterkouters die grond gesmeer en geen wortel het deur hierdie laag beweeg nie. Die gevolg was baie klein plante net langs groot plante.

'n Ander interessante waarneming is met die wortelontledings van veral sojabone en sonneblom gemaak. Indien die verandering in die grond van sagte na stywe grond te vinnig was, het die wortels presies op hierdie veranderings in die grond gedraai. Dieselfde waarnemings is ook in ander stelsels en proewe waargeneem.

Bellis® nou geregistreer op sonneblomme!

Bellis® – Die AgCelence®-oplossing vir sonneblomme, wat jou addisionele gewasbeskermingsvoordele bied.



Kry die beste opbrengs op belegging.

- Hoër opbrengs
- Uitstekende siektebeheer
- Verhoogde produksie
- Verhoogde weerstand teen stremming

Geteikende swamsiektes sal effektiel deur **Bellis®** beheer word, wat vir jou hoër kwaliteit gewasse en verhoogde opbrengs op belegging sal verseker.

Verseker gemoedsrus met uitstekende siektebeheer.

• Betroubare en effektiewe werking

- Die vervoer binne-in die plant bied omvattende beskerming
- Vinnige opname en verspreiding in die blare

• Weerstandbeheer

- Kenmerkende dubbel metode van werking met die kombinasie van **Boscalid** en **F500®**




Sonneblomland: Behandel met **Bellis®** (regs bo), in vergelyking met die onbehandeld, wat hoë siekte infeksie toon (links onder)

Aanbeveling:

Dosis per ha: Bellis® 600 tot 800 g


Toediening en tyd van toediening: 'n Maksimum van twee toedienings per seisoen. Eerste toediening teen BBCH 16-18 (6-8 blare ontvou), die tweede toediening teen BBCH 61 (begin van blom).

Sonneblomme opbrengsresultaat - **Clearfield®** saadvariëteit



Bron: BASF interne proewe 2013/2014 - Bellis® 2 x 600 g / ha

Sonneblomme opbrengsresultaat – Konvensionele saadvariëteit



Bron: BASF interne proewe 2013/2014 - Bellis® 2 x 600 g / ha

Vir meer inligting besoek die BASF Gewasbeskermings-webblad –
www.agro.bASF.co.za



3



4



▲ 3: Die effek van 50 cm en 90 cm rye. Die 90 cm rye draai toe, terwyl die 50 cm baie min effek toon.

◀ 4: Die wortels van sonneblomplante het presies gedraai waar daar 'n groot verandering in die grond se digtheid voorgekom het. Op die foto kan die gedraaide penwortel mooi gesien word.

'n Kykje na direkte plant proewe in Suid-Afrika

Ook interessant, is die waarneming wat by die proef op Bultfontein, op die watertafelgronde, gemaak is. Hierdie proef is geplant op 'n blok waar daar twee jaar gelede regstellings gemaak is en die verdigtingslae opgehef is.

In die jaar voor die regstellings, was die mielies in 'n treinspoorteam aangeplant, wat beteken dat twee rye 0,9 m uitmekaar geplant word, opgevolg deur 'n 2,1 m ry. By die eerste oes ná die regstellings, was die mielies in 1,5 m rye aangeplant wat toe net platgerol is en net so gelaat is sodat die eerste direkte plant geplant kon word.

Die eerste direkte plant gedeeltes was skuins oor die rye geplant en hier kon die interessante waarnemings gemaak word. In hierdie oes is die effek van twee oeste terug nog sigbaar en hoewel die gewasse se hoogtes verskil het, was daar nie merkbare verskille in die opbrengste nie.

Die oorskadu-effek het ook besondere waarnemings veroorsaak, waarvan die eerste was rakende die hoeveelheid vog beskikbaar vir die gewasse. Hoe hoër die oorskadu; hoe meer vog was vir die plante beskikbaar.

Vogstudies en temperatuur

Hoewel die vogstudies nog nie afgehandel is nie, kon die waarneming gemaak word dat daar meer vog in die bogrond by die hoër plantestand waargeneem kon word.

Daar word algemeen aangeneem dat dit baie warmer moet wees waar die plantestand hoër is. Dit is egter interessant dat hoe hoër die plantestand is, hoe laer is die temperatuur op die grond.

Hierdie waarneming is gemaak deur temperatuurmeters wat op die grondoppervlakte aangebring is. Die verskille het gevareer, maar die hoër plantestand behandeling was regdeur die tyd laer.

Goeie resultate

Die belangrikste waarneming was dat hierdie direkte plant sisteem iets in hom het. Gegewe hierdie moeilike jaar was daar baie goeie stroopresultate gewees. Dit bly egter 'n ope vraag of die resultate volgehou kan word; maar dat daar iets in steek, is gewis. Die resultate het almal betrokke gesok en was gegewe die jaar, ongelooflik goed.

Kultivarverskille is ook in die stelsel waargeneem. Nie al die kultivars presteer dieselfde nie en sommige kultivars sal verseker nie in hierdie sisteem inpas nie. Nog baie werk sal egter hieroor gedoen moet word.

Dit is ook belangrik om te sorg dat die turbo-kouter reg gestel is. Die turbo-kouter moet deur die eerste paar verdigtingslae kan sny sodat daar 'n dieper voor is waarin die wortels kan ontwikkel. Die verwagting is dat die jong wortels van veral sonneblom en sojabone geneig is om nie maklik te draai nie, maar dit wil voorkom of dit nie die geval is nie. Miskien moet die turbo-kouter op hierdie gewasse nie te diep werk nie?

Winsgewendheid

Die winsgewendheid van elke verandering is baie belangrik. In hierdie drie jaar is die koste van die stelsels bygehou en kan 'n volledige kostberekening gedoen word wat beide veranderlike asook vaste koste insluit.



- 5: Die geskiedenis van die land speel 'n groot rol in hoe die gewasse vertoon. In hierdie geval was die land twee seisoene voor die huidige seisoen diep op die ry gewerk. Waar die mielies hoër is, het die ripper gewerk. Aan die einde van die seisoen was daar geen verskil in opbrengs nie.
- 6: Die planters kan deur dik materiaal sny, maar die 15° draaibeginsel moet toegepas word anders sleep die planters die materiaal saam.



'n Kykie na direkte plant proewe in Suid-Afrika

Interessant om op te let dat die veranderlike koste tussen die stelsels nie dramaties van mekaar verskil nie. Diesel- en herstelkostebesparings word verruil vir meer onkruiddoder en dalk vir meer saad.

Die groot kosteverskille is by die vaste koste en op 'n gelyke basis kan dit tot 50% minder wees. Die besparing is hoofsaaklik omdat minder kapitaal in ysters benodig word asook die langer lewensverwagting van die groot kapitaalbeleggings.

Ander vaste koste wat baie verminder kan word, is salaris, verzekering en waardevermindering van toerusting. Omdat daar baie minder tyd per hektaar gewerk word, kan een arbeider heelwat meer hektaar per dag doen. Verder, omdat baie minder masjinerie benodig word, is masjinerieversekering ook heelwat minder.

In totaal kan die koste maklik 15% minder wees. Onthou net, as besluit word om oor te skakel kan die druk op die kontantvloei vir die eerste vyf jaar verhoog word omdat 'n groot klomp betaalde toerusting met nuwes vervang moet word. Beplan hierdie oorskakeling sorgvuldig.

Wat die opbrengste betref, was hierdie drie jaar nog te kort om presies te sê wat gaan gebeur. Oor die algemeen het die direkte plant stelsels alle verwagtinge oortref. Die opbrengste was veral in die Nigel proef baie beter as die konvensionele stelsels. Op die sandgronde is die proef slegs vir twee jaar geplant en het die opbrengste nie dramaties van die konvensionele stelsels verskil nie. Hierdie proewe sal nog herhaal moet word om 'n besliste antwoord te kan gee.

Laat ons egter nie hieroor twyfel nie: Daar steek iets in direkte plant wat verder ondersoek moet word en dit sal verseker die toekoms van graanverbouing verander.

Die rol van die medewerkers kan nie misgekyk word nie. Daar moet veral 'n woord van dank aan al die produsentmedewerkers en insetverskaffers gerig word. Sonder hulle hulp kon hierdie projekte nie bestaan het nie. Weens verskeie redes is daar besluit om hierdie amptelike verbintenis tussen die verskillende rolspelers te staak en sal daar nie in die toekoms verder met hierdie proewe voortgegaan word nie.

Kontak Pietman Botha by 082 759 2991 vir navrae. ■



PLANT VIR VOLGEHOUE SUKSES

uppe marketing A11827/SAG-REV

Geelmielies

Nuwe kultivar

DKC61-94BR

Bestaande kultivars

DKC80-40BR GEN

DKC80-12B GEN

DKC80-30R

DKC62-80BR GEN

DKC64-78BR GEN

DKC73-76R

DKC62-84R

DKC73-74BR GEN

DKC73-70B GEN

DKC73-72

DKC66-32B

DKC66-36R

DKC80-10

DKC61-90

Met **DEKALB®**-saad as deel van jou boerdery, sorg jy vandag reeds vir die dag van mōre, omdat jy weet, met **DEKALB®** plant jy sukses. Ons tegnologie en navorsing gerugsteun deur spanwerk en professionele advies dra by tot jou volgehoue sukses, nie net vandag nie, maar ook in die toekoms.

Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntediens by:
011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Postbus 69933, Bryanston, 2021.



MONSANTO 

Die eerste saadbehandelde aalwurmdoder



Avicta®

Cruiser® Force

Celest® XL

Voordele van Avicta® Complete™ Maize

- Beskerming teen die mees belangrikste aalwurmspesie: Knopwortelaalwurm
- Breëspektrum beheer van insekte- en siektepatogene
- Optimale opbrengs- en winspotensiaal
- Gerieflik reeds toegedien op saad



Avicta® Complete™
Maize

syngenta

LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE

Avicta® bevat abamektien (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L8496). GIFTIG.

Celest® XL bevat fludioxonil en mfenoxam (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L6353). Cruiser® Force bevat thiamethoxam en tefluthrin (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L8597). Celest®, Cruiser® en Avicta® is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: (011) 541 4000 www.syngenta.com Twitter: @SyngentaSA

© Syngenta Ag, 2000.

Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.

GRAANMARK

23 Januarie 2015

-88rsig




WESSEL LEMMER, senior ekonomist: Bedryfsdienste, Graan SA

Die impak van weerstoestande op die binnelandse mieliemark

die weervoortsigte vir Suid-Afrika, die omvang van oordragvoorraad en verwagte diepsee mielie-uitvoersyfers skep onsekerheid oor die komende bemarkingsjaar vanaf Mei 2015.

Hoe seker is die mieliehandel dat voorrade voldoende gaan wees?

In hierdie artikel word drie scenario's geskep om 'n beter perspektief op die toekomstige vraag en aanbod-situasie vir Suid-Afrika te kry.



Grafiek 1: 'n Vergelyking tussen die rand/dollar-wisselkoers en die dollar/euro.

TABEL 1: DIE VRAAG EN AANBOD-BERAMING VIR MIELIES VIR DIE 2014/2015-SEISOEN EN SCENARIO'S VIR DIE 2015/2016-BEMARKINGSJAAR (MEI TOT APRIL).

	2014/2015	SCENARIO'S VIR 2015/2016 SE MIDSOMER		
	'N REKORDOPBRENGS VAN 5,32 TON/HA HET GEREALISEER	DROË PRODUKSIE TOESTANDE 4 TON/HA	GEMIDDELDE PRODUKSIE TOESTANDE 4,7 TON/HA	GUNSTIGE PRODUKSIE TOESTANDE 5,4 TON/HA
NASIONALE OPBRENGS				
Beginvoorraad	589 000	1 979 000	1 979 000	1 979 000
Produksie	14 307 000	10 315 000	12 137 000	13 959 000
Invoere	0	450 000	0	0
Aanbod	14 350 000	12 213 000	13 585 000	15 407 000
Voedselverbruik	4 850 000	4 860 000	4 860 000	4 860 000
Voerverbruik	4 920 000	4 929 000	4 929 000	4 929 000
Uitvoere	2 110 000	705 000	2 065 000	2 395 000
Eindvoorraad	1 979 000	1 217 000	1 229 000	2 721 000
Surplus bo die pyplynvoorraad	757 000	-7 000	5 000	1 497 000

Produksie: Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee vir 2014/2015 en opbrengsscenario's.

Aanbod: Die som van die beginvoorraad, produksie, vroeë leverings, terughoudings en saadproduksie.

Eindvoorraad: Ander ongespesifieerde verbruik is ook in aanmerking geneem saam met voedsel en voerverbruik.

Surplus bo die pyplynvoorraad: Die term beskryf die surplus wat oorby nadat die pyplynvoorraad van die eindvoorraad afgetrek is. Die pyplynvoorraad is voorraad wat vir 'n periode van 1,5 maande nodig is. Indien die surplus bo die pyplynvoorraad naby aan nul is, begin pryse ondersteuning geniet.

Vraag en aanbod vir die

2014/2015-bemarkingsjaar (ou seisoen)

Die 2014/2015-bemarkingsjaar word deur 'n nasionale gemiddelde rekordopbrengs van 5,32 ton/ha gekenmerk. Produksie het 14,3 miljoen ton beloop, terwyl die verwagte witmielie-uitvoersyfer van 600 000 ton teleurgestel het.

Die verwagte rekorduitvoersyfer van 1,4 miljoen ton geelmielies het egter daar toe bygedra dat die totale mielie-eindvoorraad wat einde April 2015 oorgedra word na die 2015/2016-bemarkingsjaar, beperk word tot 1 979 000 ton.

Die totale uitvoersyfer behoort 1 910 000 ton te beloop. Die surplus bo die pyplyn kan 757 000 ton beloop. Onder hierdie marktoestande neig pryse om nader aan uitvoerprysvalekte te verhandel. Met die skryf van dié artikel was pryse ongeveer R600/ton bo uitvoerpariteit, wat in die verlede ongewoon sou wees vir 'n surplus produksiesjaar. Die voorraad mielies is dus nie noodwendig beskikbaar in die markplek nie.

Vraag en aanbod vir die

2015/2016-bemarkingsjaar (nuwe seisoen)

Die nuwe bemarkingsjaar skop op 1 Mei af met 'n groot oordragvoorraad van 1 979 000 ton. Tydens die skryf van hierdie artikel het daar onsekerheid oor weervoortsigte geheers.



Gaan die laer ruoliepryse 'n groot impak op die VSA mieliemark hê?

23 Januarie 2015

WESSEL LEMMER, senior ekonom: Bedryfsdienste, Graan SA

Die laer ruoliepryse is vir VSA produsente 'n bron van kommer ten spyte daarvan dat dit blyk dat die bio-ethanol inmeng mandaat in die VSA nie verlaag sal word nie. Die belegging in infrastruktuur in die klein- en groothandel om bio-ethanol te hanteer, is groot.

Hierdie mandaat verseker 'n mark vir bio-ethanol. Die voorraadvlakte vir bio-ethanol is egter hoog en die groot aanbod kan bio-ethanol se prys beïnvloed.

Aanduidings is dat die brandstofpryse in die VSA tot vlakke laer as bio-ethanolpryse gedaal het. Al is die bio-ethanolprys tydelik hoër as brandstofpryse, moet raffinaderye aanhou om bio-ethanol in te meng om bemarkbare brandstof in die mark te plaas.

Onlangse negatiewe mediaverslaggewing oor die verlaagde verbruik of aankope van bio-ethanol in die VSA hou veral verband met handelaars wat voor Kerstdag en Nuwejaar hul bio-ethanolvoorraade aangevul het.

Dit het verbruiksfers voor die feestyd skerp laat toeneem. Aankoop- en verbruiksfers deur klein- en groothandelaars het gevoldiglik oor die wintervakansie in die VSA skerp gedaal. Die aangevulde voorraad is gebruik in stede daarvan om nuwe aankope te maak.

Dit is egter so dat die laer ruoliepryse tot laer bio-ethanolpryse in die VSA kan lei. Die winsmarges van biobrandstofprodusente kom toenemend onder druk. Indien ruoliepryse verder sou daal en tot laer bio-ethanolpryse gaan lei, kan dit ook tot 'n laer vraag na bio-ethanol lei.

Die kleinhandelinfrastruktuur in die VSA is goedkoper vir standaard inmengkoerse van 10% bio-ethanol. Vir E11- tot E25-brandstof is die koste hoër, maar vir die hantering van E26- tot E85-brandstof is die koste aan toerusting aansienlik hoër.

In die VSA word die vraag na E15-brandstof geraak wanneer die bio-ethanolprys hoër is as die petroleumprys. Voordat die petroleumpryse so skerp gedaal het, was E15-brandstof 5 tot 10 VSA-sent per gallon goedkoper. Met ander woorde, solank as wat die petroleumprys in die VSA goedkoper is, kan E15-brandstofverbruik in die VSA daal omdat die biobrandstofproduksie duurder is.

Petrolpompe wat 'n hoër hoeveelheid bio-ethanol inmeng (E26 tot E85), het duurder toerusting nodig. Dit is egter ook waar dat laer ruolie- en brandstofpryse in die VSA daartoe lei dat die vraag na groter voertuie met 'n hoër brandstofverbruik toeneem en dit stimuleer weer die vraag na brandstof.

Dieselde is waar vir die E85-biobrandstofproduksie. Daar word voorsien dat die Amerikaanse verbruiker groter voertuie met 'n hoër brandstofverbruik sal koop. Hierdie voertuie kan E85-brandstof hanteer. Sodra die prysverhouding tussen petroleum en bio-ethanol dus na vlakke herstel waartydens bio-ethanol weer goedkoper as petroleum is, kan dit gebeur dat die vraag na bio-ethanol sal styg. Die rede is dat daar meer voertuie op VSA paaie sal wees, wat dan die goedkoper bio-ethanolvermengde brandstof soos E15 en E85 sal gebruik.

Die Brent ruolieprys het aan die begin van die mieliebemerkingsjaar op 1 Mei 2014 op 108 per vat teen die dollar verhandel. Die VSA Golf mielieprys het 238/ton teen die dollar verhandel en CME-ethanolpryse het teen \$2,17/eenheid verhandel.

Ruolie

Die prys van ruolie het vanaf 1 Augustus verlede jaar skerp begin daal. Op 12 Januarie vanjaar het die prys van ruolie 'n daling van 57% sedert 1 Augustus aangeteken.

Ethanolpryse

Ethanolpryse het skerp met 31% begin daal vanaf die begin van September verlede jaar tot die einde van dieselfde maand. Ethanolpryse het daarna gestyg en volledig herstel teen 1 Desember om net daarna weer skerp met 40% te daal tot middel-Januarie vanjaar.



SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie

GRAANMARK-OORSIG

Die gewas het landswyd goeie voorseisoenproduksietoestande beleef.

Gunstige opvolgreën scenario (5,4 ton/ha)

Indien die toestande voortduur en met voldoende opvolgreën, is 'n rekord nasionale opbrengs van 5,37 ton/ha nie uitgesluit nie. Die vorige jaar se rekordopbrengs het 5,32 ton/ha beloop.

Indien hierdie scenario hom sou voordoen, beteken dit dat die land 'n eindvoorraad mielies van 2,7 miljoen ton op 30 April volgende jaar kan oplewer. Dit is nadat 'n goeie uitvoersyfer van 2,4 miljoen ton vir heelmanielies en mielieprodukte gerealiseer het.

Geelmanielie-uitvoere van 1,5 miljoen ton en witmielie-uitvoere 885 000 ton kan potensieel realiseer. Die scenario laat egter steeds 'n surplus bo die 1,5 maande pyplynbehoefte van 1,5 miljoen ton. Dit beteken dat onder die omstandighede, pryse teen uitvoerprysvalke vir die 2015/2016-bemarkingsjaar kan verhandel en onder groot binnelandse prysdruk kan verkeer.

Droër weervoorsigte scenario (4 ton/ha)

Hierdie scenario begin ook met die groot oordragvoorraad van 1 979 000 ton, maar met die verskil dat droë, warm weerstoestande met ondergemiddelde reënval vanaf middel-Januarie beleef word. 'n Buitengewone tekort aan reën kan tot 'n nasionale opbrengs van 4 ton/ha lei.

Indien hierdie scenario hom sou voordoen, beteken dit dat die land 'n eindvoorraad mielies van 1,2 miljoen ton op 30 April volgende jaar kan oplewer. Die eindvoorraad mielies kan realiseer nadat heelmanielie- en mielieproduktuitvoere van 705 000 ton na die bestendige Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland (BLNS) mark gerealiseer het.

Die aanbod van mielies is beperk en invoere van 450 000 ton geelmanielies kan nodig wees. Die verbruik van geelmanielies vir voerdoeleindes beloop byna 4,1 miljoen ton. Die verbruik van witmielies in die veevoermark neig laer en kan 830 000 ton beloop.

Weens die laer produksiesyfer vir witmielies en omdat bronrekening vir witmielie-invoere beperk is, daal die verbruik van witmielies in die veevoermark en word voorsien dat geelmanielies ingevoer sal moet word. Onder dié scenario behoort pryse beter ondersteuning te geniet en nader aan invoerpariteit te verhandel.

Gemiddelde produksieomstandighede (4,7 ton/ha)

Hierdie scenario lewer 'n eindvoorraad mielies van 1,2 miljoen ton op. Die aanname word gemaak dat mielie-uitvoere 2 065 000 ton kan beloop waarvan witmielie-uitvoere 595 000 ton en geelmanielie-uitvoere 1,47 miljoen ton beloop. Indien dié scenario homself voordoen en die mielies vir diepsee mielie-uitvoerbestemmings teen middel-Oktober gerealiseer het, kan pryse vanaf middel-Oktober vanjaar begin herstel vanaf uitvoerprysvalke.

Die volledige vraag- en aanbodgegewens is op Graan SA se webblad beskikbaar.



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTECHNologie



GEWASVOORSORG



PRESISIE-
BEPLANNING



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRATYKE

Almal maak op 'n boer staat.

As boerervaar jy die druk om die groeiende bevolking en ons toekomstige geslagte te voed. Almal sien op na jou... en met so 'n groot verantwoordelikheid is dit belangrik om seker te wees van elke besluit wat jy neem. Wees gerus, PANNAR is verbind tot jou sukses.



Saam boer ons
vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za





Gaan die laer ruoliepryse 'n groot impak op die VSA mieliemark hê?

Beide ruolie- en bio-etanolpryse het in Januarie vanjaar 'n laagtepunt bereik, maar etanolpryse is tans hoër as petroleumpryse in die VSA. Dit kan in die kort termyn tot 'n afname in die verbruik van etanol lei totdat die prysverhouding tussen etanol en petroleum herstel. Die rede hiervoor is dat die E15 en E85 brandstofmengsels nou duurder as gewone petroleum is.

Mieliepryse

VSA mieliepryse het sedert 1 Mei verlede jaar geleidelik met 27% gedaal tot 'n laagtepunt op 8 September. Pryse het 11% hoër verhandel tot middel-November. Pryse het ná middel-November weer gedaal om 27% laer te wees as op 1 Mei.

Hoe lyk die vooruitsigte vir etanolverbruik in die VSA?

Volgens die U.S. Energy Information Administration (EIA) se jongste korttermynvoorukseling vir energieverbruik kan die verbruik van bio-etanol (in BTU-eenheide uitgedruk) vir Februarie 2015 laer wees met 16% teenoor die verbruik in Desember verlede jaar. Die jaar-op-jaar-verbruik van etanol in Desember verlede jaar het met 4,5% gestyg, terwyl die jaar-op-jaar-verbruik vir Februarie vanjaar met 1,9% laer geprojekteer word as die werklike verbruik in Februarie verlede jaar.


Langer termyn

etanolverbruik vir 2015


Die EIA se jongste etanolverbruikprojekses vir 2015 duï daarop dat etanolverbruik jaar op jaar kan daal. Daar word verwag dat etanolverbruik soos gewoonlik jaarliks gedurende Februarie 'n seisoenale laagtepunt bereik. Vanjaar se VSA etanolverbruik kan egter na verwagting 'n daling toon. Veral gedurende Februarie met 2,6% en in April met 3,4%.

Opsomming

Die laer ruoliepryse kan 'n impak op bio-etanolpryse en mieliepryse in die VSA hê. Die etanolmaat is steeds in plek en uit die jongste EIA-projekses kan afgelyい word dat die impak van laer ruoliepryse op die vraag na etanol kleiner kan wees as wat verwag word. ■



Grafiek 1: 'n Vergelyking tussen die Brent ruolie prys, die VSA Golf mieliepryse en die CME-etanolprys.



Grafiek 2: Die verwagte etanolverbruik in die VSA.

Bron: RFA, 2015 & EIA 2015

TABEL 1: DIE DALING IN DIE VERBRUIK VAN BIO-ETANOL IN DIE VSA (KWADRILJOEN BTU).

	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT
2015	0,087	0,08	0,087	0,088	0,092	0,091	0,094	0,094	0,089	0,094
2014	0,087	0,082	0,087	0,091	0,094	0,091	0,095	0,094	0,089	0,094
% verskil	-0,60%	-2,60%	-0,10%	-3,40%	-1,80%	-0,40%	-0,90%	0,50%	0,00%	-0,80%

Bron EIA, 2014



GRAANMARK-OORSIG

Opsomming

Met die skryf van hierdie artikel het die mieliebedryf groot onsekerheid ten opsigte van weervoortsigte beleef. Sekere weervoorspellings het op ondergemiddelde reënval vir Februarie en Maart gedui en produsente het uit sommige produksiegebiede berig dat die opbrengspotensiaal van mielies deur die warm en droër produksietoestande geraak word.

Indien die mielieproduksiegebiede wel binne drie weke voldoende en goeie opvolgreën sou ontvang, kan 'n uiters positiewe scenario ook voorkom. Die gunstige vegetatiewe ontwikkeling van dié gewas tot middel-Januarie, skep die potensiaal vir 'n rekordproduksiejaar wat selfs die 2014/2015-bemarkingsjaar kan oortref.

Hoe kan die sterk dollar 'n invloed op ons mieliepryse hê?

Die dollar het in 2014 teenoor die euro versterk, terwyl die rand deurlopend in die lang termyn voortdurend verswak het.

'n Sterk dollar lei tot laer VSA kommoditeitspryse. Die VSA is 'n netto uitvoerland vir onder ander mielies, koring en sojabone en indien die dollar versterk, moet die binnelandse prys van VSA kommoditeite daal om mededingend op die uitvoermark te wees.

Dit kan tot laer uitvoerpariteitspryse vir Suid-Afrika se mielies lei. Die swakker rand bied egter gedeeltelike verskansing vir die Suid-Afrikaanse mielieprys teen die sterker dollar en laer VSA mieliepryse en stel Suid-Afrika gewoonlik in staat om met ander uitvoerlande tot einde September in die uitvoermark mee te ding. ■



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTECHNologie



GEWASVOORSORG



PRESISIE-
BEPANNING



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRATYKE

Boerdery vereis ervaring, kennis en goeie oordeel.

Boerdery vereis gespesialiseerde kennis. Danksy 'n ultramoderne tegnologiesentrum reg hier in Afrika is ons op die voorpunt van innovasie in navorsing en saadteling. Jy kan op uitsonderlike produkte en uitstekende diens van PANNAR staatmaak.



www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za





INSET

-88rsig



CORNÉ LOUW, senior ekonomoem: Bedryfsdienste, Graan SA

Is laer ruoliepryse = laer insetpryse?

daar word wyd gespekulêer oor die impak wat noemenswaardige laer ruoliepryse op ander markte en kommoditeite kan hê. Markkommentators en veral insetmaatskappye sê mos altyd dit is as gevolg van die hoë ruolieprys dat insetpryse so styg, maar wat moet gebeur noudat die ruolieprys so skerp daal? Uit geskiedenis leer ons wel dat pryse baie moeiliker afkom as wat dit styg.


In hierdie artikel word gepoog om die direkte impakte wat laer ruoliepryse op produksie-insette kan hê, uit te pak en te verstaan.

Die ruolieprys het vanaf 'n hoogtepunt per maand van \$112 per vat in Junie verlede jaar tot 'n gemiddeld vir Januarie tot dusver van \$51 per vat gedaal. Dit is 'n daling van 54%.


Brandstofpryse

Plaaslike brandstofpryse word gereguleer en die prys daarvan (uitgesluit belastings en heffings) word op 'n invoerpariteitsbasis van brandstofprodukte bereken. Hierop het die ruolieprys 'n direkte impak. Só het die groothandelprys van diesel sedert Junie verlede jaar tot en met Januarie vanjaar met 20% gedaal (vanaf R12,76 per liter na R10,28 per liter).

“Pryse is downward sticky.”



Grafiek 1: Brent ruolieprys en natuurlike gaspryse.



Grafiek 2: Brent ruolieprys en ammoniakpryse.

Met die skryf van hierdie artikel (21 Januarie 2015) het die Sentralkoers vir Februarie in die dieselprys van R1,04 per liter verwag. Dit sal die groothandelprys van diesel op R9,24 per liter te staan bring, wat 'n daling van 28% sedert Junie verlede jaar weerspieël.

Die uiteensetting van ons brandstofpryse en die verswakking van ons wisselkoers het veroorsaak dat die 54%-daling in die ruolieprys nie heeltemal in plaaslike pryse weerspieël word nie. Van die groothandelprys van diesel vir Januarie vanjaar van R10,28 per liter, beslaan belastings en heffings R4,46 of 43%.

Hierdie gedeelte behoort dus nie saam met ruoliepryse af te kom nie; intendeel, verdere verhogings word in April vanjaar verwag. Met ander woorde, die verlaging in ruoliepryse behoort net die oorblywende 57% te beïnvloed.

Kunsmispryse

Laer ruoliepryse behoort 'n direkte impak op energieverwante kommoditeite, soos kunsmis te hê. Die ruolieprys kan 'n direkte invloed op kunsmispryse op 'n paar maniere hê:

- Erstens behoort 'n laer ruolieprys (energieprys) die produksiekoste van kunsmis goedkoper te maak.
- Tweedens behoort 'n laer ruolieprys kunsmispryse oor die algemeen goedkoper te maak aangesien 'n groot persentasie van die wêreld se kunsmis redelik ver vervoer moet word.
- Derdens behoort dit 'n direkte invloed op stikstofpryse (N) te hê. Ruoliepryse beïnvloed natuurlike gaspryse, wat die hoofgrondstof vir stikstofproduksie is (dit maak tussen 60% en 85% van totale produksiekoste van ammoniak uit). Laer ruoliepryse kan met ander woorde moontlik laer stikstofpryse tot gevolg hê (sien **Grafiek 1** vir die korrelasie tussen die ruolieprys en natuurlike gaspryse en tussen die ruolieprys en ammoniakpryse in **Grafiek 2**).

Landbou-chemikalieë

Alle aktiewe bestanddele van plaaslike landbou-chemikalieë word ingevoer. Daar is ook heelwat landbouchemiese middels waar petroleumprodukte die basiese grondstof is vir die vervaardiging daarvan.

Ander insette

Weens die hoë vervoerkoste verbonden aan die meeste insette wat in Suid-Afrika gebruik word, behoort laer brandstofpryse die vervoerkomponent wat insetpryse opmaak, te verlaag. Omdat energiepryse oor die algemeen behoort te verlaag as gevolg van laer ruoliepryse, behoort dit ook die produksiekoste van die meeste insette te verlaag.

Opsommend

Hoewel ruoliepryse 'n direkte impak op insetpryse kan hê, het elke inset ook sy eie vraag en aanbod-situasie wat pryse beïnvloed en nie uit die oog verloor moet word nie. Die wisselkoers gaan ook 'n bepalende rol speel in terme van die mate waarin laer internasionale pryse na die plaaslike mark deurgegee word.

Omdat 'n groot hoeveelheid van Suid-Afrika se insette ingevoer moet word en selfs plaaslik 'n redelike vervoerkomponent in die koste ingebou het, kan laer ruoliepryse hierdie gedeelte goedkoper maak.

Dit is altyd moeilik om te bepaal wanneer die mark laer pryse gaan reflekteer. Markte is altyd geneig om stygende pryse vinniger deur te gee aan die verbruiker as dalende pryse – soos die Engelse dit noem: *Pryse is downward sticky*. Met ander woorde: Daar word verwag dat indien laer pryse deurgegee word aan die mark, dit eers ná 'n paar maande sal gebeur. ■



Boerdery is in jou bloed. Om jou sukses te verseker, is in ons s'n.

Met soveel veranderlikes in boerdery, kan jy van een ding seker wees: by PANNAR werk ons hard om risiko uit te skakel. Ons kombineer die beste basters met praktiese oplossings en innoverende saad- en plantbeskermingsprogramme vir optimale produksie.

Span ons kundige advies in tot jou voordeel.



Praktiese op-die-plaas-navorsing bied produksiebestuursriglyne.



Vir presisieplasing van basters.



Omvattende saad- en plantbeskermingsinitiatiewe.



Swamddoder- en insekdoderspuitprogramme.



www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



Conservation AGRICULTURE

WAYNE TRUTER, University of Pretoria,
CHRIS DANNHAUSER, Grass SA,
HENDRIK SMITH, Grain SA and
GERRIE TRYTSMAN, ARC-Animal Production Institute



Integrated crop and pasture-based livestock production systems

This article is the twelfth in a series of articles highlighting a specific pasture crop species that can play an imperative role in conservation agriculture (CA)-based crop-pasture rotations. Besides improving the physical, chemical, hydrological and biological properties of the soil, such species, including annual or perennial cover crops, can successfully be used as animal feed.

Livestock production systems are in many ways dependant on the utilisation of pasture species, in this case as a pasture ley crop, and can therefore become an integral component of CA-based crop-pasture rotations. It is imperative however to identify a pasture species fulfilling the requirements of a dual purpose crop, i.e. for livestock fodder and/or soil restoration.

This article focuses on an annual pasture crop commonly used in a short one winter season rotation as a cover and green manuring crop either succeeding a summer annual or perennial species. Green manure cropping is a practice not well understood or economically justified in South Africa, as it seems expensive, because of the seedbed preparation, establishment and potential waste or rather the unknown value of incorporation.

With the rising cost of fertilisers and the objective of sustained soil fertility and soil health improvement, these options can provide opportunities.

Avena sativa/oats/hawer

Common oats is a cool-season, annual cereal crop, and is becoming a very well-known quick cover crop that has the ability to meet numerous soil conservation priorities. Its tropical relative, the "black oats" variety, has also received support from many who have used it in certain no-till systems and other agricultural systems in other parts of the world.

Common oats is an upright, annual grass that can reach a height of 1,5 m. It has a fibrous root system and its growing cycle can be anything between 60 to 75 days depending on the cultivar and the environment in which it is grown. Its seed is inexpensive and there are many adapted varieties.

Agro-ecological distribution

Oats prefers cool, moist climates on well-drained soils, but this crop

“ If the oats is to be used for cattle production, it can either be grazed with sufficient periods of rest for regrowth, or hay and/or silage can be made. ”

is adapted to many soil types. It can tolerate soil pH levels ranging between 5,5 to 7, but some varieties can tolerate soil pH levels as low as 4,5. It has a wider pH adaptability than wheat or barley, and it has a low lime requirement.

This crop has the ability to grow much better in wet soils than other cereal crops, however, it only requires approximately 350 mm of moisture for growth and is therefore regarded as a good crop for moisture conservation. There are numerous cultivars available from various seed merchants.

Management and utilisation

Broadcast or drill seed to a depth of 1 cm - 2,5 cm and disk lightly. Seeding rates of up to 100 kg/ha can be used in winter rainfall areas or under irrigation. In summer rainfall areas under dryland production, 50 kg/ha - 75 kg/ha of seed can be planted.

If the soil is sufficiently moist, shallow seeding promotes rapid seedling emergence with reduced incidence of root rot disease. Often this species is not fertilised with nitrogen (N), as it is used to soak up excess nitrogen in the profile and prevent it from being lost through leaching.



- ▲ 1: Quick germination and growth of oats after planting.
- ◀ 2a and 2b: Oats in full seed.
- ▶ 3a and 3b: High forage production potential.
- ▼ 4: Oats grain production stage.



Met **DEKALB®**-saad as deel van jou boerdery, sorg jy vandag reeds vir die dag van mōre, omdat jy weet, met **DEKALB®** plant jy sukses. Ons tegnologie en navorsing gerugsteun deur spanwerk en professionele advies dra by tot jou volgehoue sukses, nie net vandag nie, maar ook in die toekoms.

Witmielies

Nuwe kultivars

- DKC78-27*
- DKC78-87B*
- DKC78-83R*
- DKC78-79BR*
- DKC77-77BR*
- DKC79-25B*

Bestaande kultivars

- CRN3505*
- DKC78-35R*
- DKC77-61B*
- DKC77-85B GEN*
- DKC78-17B*
- DKC78-45BR GEN*

Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntediens by:
011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.





CONSERVATION AGRICULTURE

If N is to be applied, it will be to promote microbial activity and will also prevent the decomposing plant material from tying up nitrogen needed by the following crop. This way it can be reincorporated prior to establishing the succeeding crop. If the oats is to be used for cattle production, it can either be grazed with sufficient periods of rest for regrowth, or hay and/or silage can be made.

Soil conservation and health benefits

Common oats has proven to be an effective method to control weeds, thereby reducing the need for chemical weed control. Oats has the characteristics of germinating very quickly and to beat the weed species growing in the same area.

In addition to this, oats releases an allelopathic compound (plant-made chemicals) that hinders the germination and growth of weeds for several weeks. These compounds can however also hinder the growth of subsequent crops, such as wheat, peas, lettuce and rice and therefore this trait should be kept in mind when planning the timing and sequence of a crop-rotation programme for a farm. These allelopathic compounds tend to break down in about three weeks; nevertheless, consult a specialist for more detail regarding specific crops.

Literature has shown that common oats produces about 5 tons/ha of dry matter and takes up about 7,25 kg of N in each ton of dry matter. The tissue N content of oats is about 1,2%. As previously stated, the addition of N fertiliser will promote microbial activity and will also prevent the decomposing plant material from tying up nitrogen needed by the following crop.

Alternatively, a mixed cover crop stand of oats and a legume can minimise potential problems of N immobilisation after cover crop is incorporated. To allow time for residue decomposition, allow two to three weeks after cover crop incorporation before planting the succeeding crop.

Incorporating oats into the soil also improves the soil "health" by improving the soil structure which improves water infiltration. Most of this soil improvement will occur in the top soil layer. As the residues decompose, the organic matter additions provide food for the growing microbial population.

When planted at low seeding rates, oats can also be used as a nurse crop for establishing slower growing legume cover crops. If the oats grows too vigorously, it can be cut to allow better growth of the legume intercrop.

Management challenges

With oats being able to suppress weed growth, the allelopathic compounds that provide oats with this attribute may stunt the growth of subsequent cash crops. Allow three weeks for the allelopathic compounds to decompose.

When oats is grown for grain or forage, it can have more insect problems (such as wireworms, cutworms, armyworms, aphids and mites, thrips, leafhoppers and grubs). Cultivars resistant to rust and blight have been developed.

Animal production aspects

Other than the soil improvement benefits of oats, this small grain crop is also commonly used as forage for animal production systems. Oats is relatively competitive with most annual winter forage crops and can be grazed when 20 cm tall.

Grazing should be managed to remove the forage before becoming too stemmy. Oat hay makes a satisfactory hay crop if cut when the stems and leaves are still green. Oats make the most nutritious hay when cut in the soft dough stage because of the higher protein content.

Oats used for forage has a greater tendency than wheat or barley to accumulate potentially toxic levels of nitrate in plant forage under conditions of drought, hail damage, or other growth factors that cause cessation of normal growth patterns. Under such conditions, a laboratory diagnosis of oats forage for nitrates would give helpful information relative to its safety.

Oats can be regarded a good "growing" feed for cattle but of having a lesser value than maize, grain sorghum or wheat when used as the major energy source in finishing rations. Rations containing very high levels of oats or even rations with no roughage do not produce comparable weight gains to those of maize and sorghum.

Oats may have a place in all-concentrate diets as a supplement for cereals which have low fibre contents. It is however still a concentrate feed. Death can occur from acidosis due to overconsumption of oat grain by young animals. As with all other concentrates, sudden excess consumption must be avoided.

Conclusion

There is no doubt that oats is an excellent crop to tolerate low fertility soils, for suppressing weeds due to its rapid growth rate and establishment as a "catch crop" for taking up and storing excess N.

With its vigorous root system it also provides for good erosion control by increasing soil organic matter content to improve soil structure. Other than all the soil improvement benefits it has, it can be used for animal grazing systems and for providing lasting residues for succeeding crops.

For more information, contact Dr Wayne Truter at wayne.truter@up.ac.za, Prof Chris Dannhauser at admin@GrassSA.co.za, Dr Hendrik Smith at hendrik.smith@grainsa.co.za or Mr Gerrie Trytsman at gtrytsman@arc.agric.za. ■



Onkruide in die

– Deel 9

WINTERREËNVALSTREEK



PJ PIETERSE, Departement Agronomie, Universiteit van Stellenbosch

Gousblom (*Cape marigold*)

Wetenskaplike naam: *Arctotheca calendula*

Afrikaanse naam: Gousblom

Engelse naam: *Cape marigold*

daar kom vier *Arctotheca*-spesies in Suid-Afrika voor, maar *Arctotheca calendula* (gousblom) veroorsaak ernstige probleme veral in boorde en graanlande in die Wes-Kaap. Dit is ook 'n lastige onkruide op grasperke.

Gousblom is 'n inheemse plant. Dit word deur diere gevreet – in Australië is gevind dat skape eerstens raaigras, dan klawers, dan gousblom verkies voordat hulle turknael vreet.

Onder beweiding gee dit dus die onkruide 'n kompetisievoordeel. Gedurende die groeiseisoen het gousblom koolhidraat- en ruproteïenvlakte wat vergelykbaar is met dié van klawers en raaigras, maar in die somer verswak die gehalte vinnig.

Dit kan egter ook hoë vlakke van stikstof akkumuleer wat dan oorsprong gee tot nitraat- en nitrietvergiftiging in perde, varke, skape en beeste. Dit is besonder gevaarlik nadat die plante met hormoononkruiddoders, soos 2,4D gespuit is, veral wanneer daar vroeg in die seisoen in warm weer gespuit is. Dit kan ook 'n slegte brysmaak aan melk gee wanneer koeie dit vreet.

Gousblom is 'n matige mededinger en plant slegs deur middel van saad voort. In Australië word aanbeveel dat dit regverdigbaar is om te spuit indien daar meer as 15 gousblomplante per vierkante meter is as dit saam met die gewas ontkiem het. Indien dit egter die voor-plantbeheer en plantproses oorleef het, is drie tot vier plante genoeg om bespuiting te regverdig.

In Wes-Australië het sewe tot 90 plante per vierkante meter, koringopbrengs met 28% tot 44% verminder. In lupiene is gevind dat tien plante per vierkante meter, wat ses weke voor-plant ontkiem het, algehele standverlies veroorsaak het, terwyl dieselfde digtheid wat saam met die lupiene ontkiem het, geen opbrengsverliese veroorsaak het nie. Indien daar egter 30 gousblomplante per vierkante meter saam met die lupiene ontkiem het, was die oesverliese 20%.

Gousblom is 'n eenjarige plant met 'n kompakte ondergrondse stingel wat soms bo die grond uitgroeи en tot 50 cm hoog kan word. Stingels het klieragtige grys hare en is fyngeriffeld wanneer teenwoordig is.

Die gesteelde blare word in 'n roset op die grond gedra en is onreëlmatig gelob met skerp getande rande; grys, wollerie onderkante en is byna haarloos en groen aan die bokante. Indien stingels teenwoordig is, lyk die blare ook so, maar is sittend en afwisselend gerangskik en omvat die stingel. Die lig- tot heldergeel blomme is alleenstaande, eindstandige hofies wat tot 5 cm in deursnee kan

wees en gedra word op bloeistele wat tot 20 cm lank is en met klieragtige hare bedek is. Die vrugte is dopvrugte wat met digte, wollerie hare bedek is. Die vrugte is bruin tot perserig, tot 3 mm lank en 1 mm breed, vlak gerib met vratagtige uitsteeksels. Die vrugpluis bestaan uit vyf klein, membraanagtige skubbe.

Voorkoms en verspreiding

Gousblom kom wydverspreid in Suid-Afrika voor, maar dit veroorsaak veral in die winterreënvalstreek groot probleme in wingerde, graanlande en weidingslande. In sekere areas in die Vrystaat, Noordwes Provincie en KwaZulu-Natal kom dit ook as 'n onkruide in landerye voor. Dit het waarskynlik as kontaminant met voer en verpakningsmateriaal na Australië versprei in die laat 1880's en kom ook nou in die Middellandse See-gebiede voor.

Gousblom plant slegs met saad voort. Die sade is klein en is vlak ontkiemers. Gousblom het nie vegetatiële voortplantingsorgane nie, maar kan baie maklik verplant word onder klam toestande, met ander woorde as jong plantjies nie heeltemal bo-op die grondoppervlak geplaas word deur mekaniese bewerking nie, begin dit weer groei en kan dan erg met nuut ontkiemde gewassailinge kompeteer.


Die sade kan enige tyd ontkiem, maar daar is 'n hoogtepunt in die herfs. Dit is nie baie rustend nie en afhangende van omgewingsomstandighede en die ekotope, ontkiem al die saad in die daaropvolgende jaar. In sekere gevalle ontkiem slegs 20% van die saad, maar daar is nog nie gevind dat saad langer as twee jaar kiemkragtig bly nie.

Dit groei in meeste grondtipes, maar verkies sanderige tot sandleem gronde en ook gronde met hoë P-inhoude. Aanhoudende swaar beweiding op weidingslande bevoordeel gousblom en dit help ook mee met grondversuring. In Australië is gevind dat gousblom floreer wanneer vroeë reën opgevolg word met 'n vier- tot vyfweke-droogteperiode.

Beheer

Chemiese beheer

Die lys van onkruiddoders wat vir gousblom geregistreer is, wat in die publikasie *A guide for the chemical control of weeds in South Africa* genoem word, word in **Tabel 1** aangetoon. Daar is ook 'n paar onkruiddoders en toepassings bygevoeg wat geregistreer is nadat die gids gepubliseer is asook sommige nie-selektiewe onkruiddoders wat nie spesifiseer watter onkruidspesies beheer word nie, maar wat wel effektiel teen gousblom is as daar nie weerstand is nie.



TABEL 1: ONKRUIDDODERS GEREGISTREER VIR DIE BEHEER VAN GOUSBLOM.

AKTIEWE BESTANDDEEL	FORMULERING	GEWASSE WAARIN GEREGISTREER	TYD VAN TOEDIENING	WEERSTAND-STATUS	MECHANISME VAN WERKING GROEP
Bromoxynil ¹	225/255/400/450/500 gram per liter	Gars, hawer, lusern en koring	Dien na-opkoms toe as onkruid goed gevestig is, maar voor die sesblaar-stadium van onkruid	Nee	C ₃ & M
Bromoxynil/pyrasulfotole	210/37,5 gram per liter	Gars en koring	Dien na-opkoms toe tussen vier- en sesblaar-stadium van onkruid	Nee	F ₂ + C ₃ + M
Clopyralid	100 gram per liter	Kanola	Dien na-opkoms toe wanneer gewas in twee- tot vyfblaar-stadium is	Nee	B
Glufosinate-ammonium	200 gram per liter	Meeste landbousituasies	Voorsaai	Nee	H
Glyphosate	360/450/480/510 gram per liter 680/700/710 gram per kilogram	Meeste landbousituasies	Voorsaai	Nee	G
Iodosulfuron-methyl-sodium/mefenpyr-diethyl	50/150 gram per kilogram	Gars en koring	Dien na-opkoms toe wanneer onkruid in twee- tot vierblaar-stadium is	Nee	B
Iodosulfuron-methyl-sodium/mesosulfuron-methyl-mefenpyr-diethyl	30/30/90 gram per kilogram	Koring	Dien na-opkoms toe wanneer onkruid in twee- tot vierblaar-stadium is	Nee	B
Metsulfuron methyl/thifensulfuron methyl	68/680 per kilogram	Gars, hawer en koring	Dien na-opkoms toe op onkruide voor die vier- tot vyfblaar-stadium – slegs onderdrukking van gousblom	Nee	B
Paraquat	200 gram per liter	Alle gewasse	Voorsaai	Nee	D
Paraquat/diquat	120/80 gram per liter	Alle gewasse	Voorsaai	Nee	D
Prosulfuron	750 gram per kilogram	Gars, hawer en koring	Dien na-opkoms toe in mengsel met bromoxynil of metsulfuron methyl	Nee	B
Pyraflufen-ethyl	20 gram per liter	Gars en koring	Dien na-opkoms toe in tenkmengsel met bromoksinil of MCPA op onkruid nie groter as twee- tot vierblaar-stadium nie	Nee	E
Pyroxsulam	45 gram per liter	Koring	Dien na-opkoms toe tussen twee- tot drieblaar-stadium en twee-knoop-stadium van koring terwyl onkruid in saailingstadium is	Nee	B
Simazine	500 gram per liter	Kanola en lupiene	Dien voor-opkoms toe, direk na-plant in goed voorbereide saadbed – slegs op triasienbestande kanolakultivars	Nee	C1
Simazine/terbutylazine	213/287 gram per liter 450/450 gram per kilogram	Kanola	Dien voor-opkoms toe, slegs op triasienbestande kanolakultivars	Nee	C1
Sulfosulfuron	750 gram per kilogram	Koring	Dien na-opkoms toe in tenkmengsel met bromoxynil as onkruid in een- tot vierblaar-stadium is	Nee	B
Triasulfuron	750 gram per kilogram	Gars, hawer en koring	Dien voor-opkoms toe	Nee	B

¹ Om verwarring te voorkom is die Engelse name vir aktiewe bestanddele hier genoem.

NB: Raadpleeg altyd die etiket van die onkruiddoder om op hoogte te wees van die korrekte dosis en toedieningsmetode. Maak seker dat afwisseling geskied tussen mekanisme van werking groeppe en nie aktiewe bestanddele nie. Maak seker dat die onkruid wat beheer moet word, op die etiket van die middel wat toegedien gaan word, voorkom.

ONKRUID IN DIE WINTERREËNVALSTREEK

Daar is in 1986 weerstand teen diquat in Australië aangeteken en sedertdien ook teen paraquat, maar geen ander gevalle van onkruiddoderweerstand in gousblom is aangeteken nie.

Dit is egter belangrik dat antiweerstandsmaatreëls toegepas word om te verhoed dat weerstand teen onkruiddoders ontwikkel. Dus moet sorg gedra word dat enige onkruiddoder onder goeie spuittoestande en die korrekte dosis toegedien word op onkruid wat nie groter as die vierblaar-stadium is nie. Té hoë en té lae

dosisse veroorsaak hoë seleksiedruk vir teikensetel- en nie-teikensetelweerstand onderskeidelik. Wissel ook die gebruik van 'n effektiewe onkruiddoder so gereeld as moontlik af met ander onkruiddoders met 'n ander werkswyse (met ander woorde in 'n ander werkswysegroep).

Alternatiewe beheer

Met die oog op die voorkoming en bestuur van onkruiddoderweerstand is dit noodsaaklik dat daar nie net op chemiese beheer



- ▲ 1: Sade van die gousblom – die wollerie omhulsel help die saad om langer klam te bly en onder relatiewe droë toestande te ontkiem.
- ▼ 2: 'n Gousblomplant wat in rosetvorm groei.
- ▲ 3: 'n Gousblomplant met harige, geriffelde stamme en die wit, wollerie onderkant van die blaar sigbaar.
- ▼ 4: Die blom van die gousblom.



staatgemaak word nie. Bewerking en fisiese verwydering is effekief, maar baie tydwend.

Vlak bewerking is effekief om gousblomsaailinge te beheer, maar die plantjie moet heeltemal met wortels bo die grond land anders groei dit verder – vermy bewerking wanneer die grond klam tot nat is.

Indien saadvorming vir twee tot drie jaar verhoed kan word, kan die populasies van gousblom baie verlaag word aangesien die saad se lewensduur redelik kort is.

Afsny/slaan van plante is net effekief indien dit gereeld gedoen word naby die grondoppervlakte om blomvorming te verhoed. In weidings het wisselweiding gehelp om gousblom te onderdruk deurdat dit die graskomponent van die weiding gestimuleer het.

In Australië het *spray topping* met glifosaat (360 g ab per liter) teen 400 ml per hektaar tydens blom, die gousblompopulasie in die daaropvolgende seisoen met 90% verminder. Die toepassing van geïntegreerde bestuursaksies is baie belangrik, nie net om weerstand te voorkom nie, maar ook om onkruidbeheer meer omgewingsvriendelik te maak.

Bedankings en verwysings

Die volgende persone het die artikel krities deurgelees en voorstelle ter verbetering gemaak waar nodig: Prof Andy Cairns (Universiteit van Stellenbosch), dr Erik Eksteen (Syngenta), mnr Org Lotter (Bayer CropScience), mnr Jim McDermott (Du Pont), mnr Hannes Schoeman (Monsanto), mnr Frik Potgieter (Nulandis) en mnr Dirk van Eeden (Terason).

Die lys van geregistreerde onkruiddoders is verkry vanuit die publikasie: *A guide to the chemical control of weeds in South Africa: A CropLife South Africa Compendium*. Bestel by info@cropolutions.co.za of 011 079 4199.

Inligting is ook verkry vanuit die boek *Onkruide in gewasse en tuine in Suidelike Afrika* en is beskikbaar by die LNR-Instituut vir Graangewasse, Privaat sak X1251, Potchefstroom 2520. Kontak me Mary James by 018 299 6253 of JamesM@arc.agric.za.

Die boek *Probleemplante en indringeronkruide van Suid-Afrika* deur Clive Bromilow is ook geraadpleeg en is beskikbaar by die meeste boekhandelaars of raadpleeg die webwerf van die uitgewers: www.briza.co.za.

Lesers kan die pamflet *Volhoubare gewasproduksie in die teenwoordigheid van onkruiddoderweerstand* ook in PDF-formaat verkry van die skrywer van hierdie artikel by pjp@sun.ac.za. Dit is ook (in Engels) beskikbaar by die CropLife SA webtuiste (http://www.croplife.co.za/Portals/13/Croplife_Documents/Sustainable%20crop%20production%20in%20the%20presence%20of%20herbicide%20resistance.pdf). ■

VERLAAG JOU KOSTE VAN EIENAARSKAP

ONDERDEELPRYSE GESNOEI

Goeie nuus! Ná 'n omvattende studie deur Barloworld Agriculture is die prysye van 'n wye reeks AGCO-onderdele vir Massey Ferguson- en Challenger-toerusting verlaag – in sommige gevalle met meer as 70%.

Hierdie verlagings verminder eienaars se koste van eienaarskap en verlaag ook die koste van Barloworld Agriculture se diensplanne vir trekkers, stropers, selfaangedrewe spuite en planters.

Prysnavorsing is gedoen ten opsigte van diensonderdele en ander algemene onderdele, waaronder aandrywingsbelde, aansitters, brandstofinspuuters en turbo-aanjaers, asook planteronderdele. Prysverlagings geld onder meer vir:

- MF-trekkerreeks – MF 400 Xtra, MF 5400, MF 7600, MF 8600
- MF konvensionele, wydwerk- en geenbewerkingplanters
- Challenger-rusperband en geartikuleerde trekkers
- Selfaangedrewe Challenger-spuite
- Challenger-stropers

24/7 – 365 DAE PER JAAR

AGCO-onderdele vir toerusting wat deur Barloworld Agriculture versprei word, is nou 24 uur per dag beskikbaar – regdeur die jaar. Die doel hiermee is om eindgebruikers se produktiwiteit in veral kritieke tye soos plant- of oestyd te verhoog.

AGCO-onderdele kan nou ná kantoorure by Barloworld Agriculture bestel word vir onmiddellike versending per koerier. Onderdele kan ook na-ure by die AGCO-onderdeelpakhuis naby O.R. Tambo-lughawe in Kempton Park, Johannesburg, afgehaal word. Na-urse aflewering per koerier word deur die handelaar gereel en is nie ingesluit by die prys van die onderdeel nie.

Met inisiatiewe soos hierdie streef Barloworld Agriculture daarna om 'n suksesfaktor in boere en kontrakteurs landswyd se ondernemings te wees.

Kontak jou naaste handelaar vir meer inligting of skakel 011 898 0278 om jou naaste handelaar te vind.



Challenger



Só lyk besproeiing se bydrae tot graanproduksie

RONA BEUKES, senior statistikus, Nasionale Oesskattingskomitee

Suid-Afrika is 'n relatiewe droë land met 'n uiters wisselvallige reënval en oorvloedige sonskyn. Ook is ons reënval redelik onbetroubaar en onvoorspelbaar.

Die land word van tyd tot tyd deur ernstige en langdurige droogtes geteister. As gevolg hiervan kan die produksie van graan baie varieer en daarom speel besproeiing 'n belangrike rol (veral in 'n droogtejaar) om graanproduksie te stabiliseer.


Mielies

Alhoewel die grootste persentasie mielies onder droëlandtoestande geproduseer word, het aanplantings onder besproeiing die afgelope paar jaar stelselmatig toegeneem. Sedert 1996 het mielie-aanplantings onder besproeiing van 80 000 ha tot ongeveer 227 000 ha toegeneem – 'n styging van 184% of 147 000 ha.

Die gegewens van mielies onder besproeiing, word in **Grafiek 1** ten toon gestel vanaf die 2004- tot die 2014-seisoen. Gedurende dié dekade-tydperk, het die hektare mielies onder besproeiing beplant, met 33,5% of 57 000 ha toegeneem; vanaf 170 000 ha tot 227 000 ha.

In **Grafiek 2** kan gesien word dat geelmielies onder besproeiing die grootste gedeelte uitmaak van die totale mielie-oppervlakte tussen wit- en geelmielies onder besproeiing. Gedurende 2004 was die geelmielies se oppervlakte onder besproeiing 10% teenoor witmielies se 4,1%. Die geelmielie-oppervlakte onder besproeiing het vinniger toegeneem sedert 2004 en maak tans (2014) 13,2% uit van die totale mielie-oppervlakte, teenoor witmielies se 5%.

Gedurende 2004 is 9 482 miljoen ton mielies geproduseer, dit bestaan uit 85,9% (8 142 miljoen ton) droëlandproduksie, terwyl besproeiing se produksie 14,1% (1 341 miljoen ton) beloop. In 2014 is die tweede hoogste mielie-oes op rekord geproduseer, naamlik 14 307 miljoen ton, waarvan 83,4% of 11 939 miljoen ton droëlandproduksie is en 16,6% of 2 368 miljoen ton besproeiingsproduksie is (**Grafiek 3**).



Grafiek 1: Totale mielies: Oppervlakte onder besproeiing 2004 tot 2014.

Ten opsigte van witmielies (**Grafiek 4**) is daar 5 805 miljoen ton witmielies gedurende 2004 geproduseer, waarvan 91,6% of 5 320 miljoen ton vir produksie onder droëland was, terwyl besproeiing se produksie 8,4% of 485 360 ton was. Gedurende 2014 is daar 7 697 miljoen ton witmielies geproduseer, waarvan 91,4% of 7 034 miljoen ton onder droëland was en 8,6% of 663 600 ton onder besproeiing.


Gedurende 2004 het geelmielie-produksie (**Grafiek 5**) 3 677 miljoen ton beloop – 76,8% of 2 822 miljoen ton onder droëland en 23,2% of 854 800 ton onder besproeiing. In 2014 is 6 610 miljoen ton geelmielies geproduseer, waarvan 74,2% of 4 906 miljoen ton droëlandproduksie is en 25,8% of 1 704 miljoen ton besproeiingsproduksie is.

In die algemeen is die nasionale gemiddelde opbrengs van geelmielies hoër as vir witmielies; hoofsaaklik vanweë die groter gedeelte geelmielies wat onder besproeiing geplant word as witmielies. Sedert 2004 is die toename in opbrengste onder besproeiing ook hoër by geelmielies (**Grafiek 7**) as by witmielies (**Grafiek 6**), terwyl die toename onder droëland min of meer dieselfde was vir beide wit- en geelmielies.


Die kombinasie van verbeterde opbrengste onder besproeiing en groter oppervlakte beplant onder besproeiing het ongeveer 2,4 miljoen ton mielies onder besproeiing gedurende 2014 geproduseer.

Koring


Koring word in Suid-Afrika ook onder droëland én besproeiing verbou. Vanaf die 2004- tot die 2014-seisoen, het die hektare koring beplant onder besproeiing met 4,8% of 6 580 ha afgeneem; vanaf 138 080 ha tot 131 500 ha (**Grafiek 8**). Dit is skokkend dat koring se oppervlakte onder droëland gedurende dieselfde tydperk met 50,1% of 346 850 ha gedaal het. Een van die hoofredes vir hierdie afname is die effek van die swak winsgewendheid van koring vir produsente.




Grafiek 2: Wit- en geelmielies: Besproeiing 2004 tot 2014.




Grafiek 3: Totale mielies: Produksie 2004 versus 2014.




Grafiek 4: Witmielies: Produksie 2004 versus 2014.




Grafiek 5: Geelmielies: Produksie 2004 versus 2014.



Grafiek 6: Witmielies: Opbrengste – besproeiing versus droëland 2004 tot 2014.



Grafiek 7: Geelmielies: Opbrengste – besproeiing versus droëland 2004 tot 2014.



Grafiek 8: Koring: Oppervlakte onder besproeiing 2004 tot 2014.

Abacus®-boere het buitengewone voordeel getrek uit hul oeste ... het jy?



upmarketng A11069/SAG

Meer as 300 top Suid-Afrikaanse boere het getuig dat wanneer 'n mens **Abacus®** – die mielie- en soja-**AgCelence®**-oplossing van BASF – op jou gewasse toedien, jy jaar na jaar die beste opbrengs op jou belegging en die beste plaasbestuur kry.

Abacus® op mielies en soja is nie net 'n uitstekende siektebeheeroplossing nie – jy kan ook fisiologiese voordele vir optimale opbrengs verwag. Ons noem dit die **AgCelence®**-effek:

- Verhoog die plantgroeidoeltreffendheid met verbeterde fotosintese, beter gebruik van stikstof en verhoogde bio-massa ontwikkeling.
- Verhoog die plant se weerstand teen stremming in situasies soos droogte deur etileenproduksie te inhibeer.

Het jy jouself die **AgCelence®-voordeel gegee?**

BASF
The Chemical Company

Hittekanker by sonneblom

vanjaar opgemerk

ANDRÉ NEL, LNR-Instituut vir Graangewasse en ANDRIES WESSELS, Syngenta

Sonneblomsaailinge wat omval en vrek word van tyd tot tyd gesien. Die bekende snywurm is gewoonlik daarvoor verantwoordelik, hoewel ander insekte ook plante afvreet.

Snywurms vreet die jong saailinge se sage stammetjie af en die klein plantje is tot niet. By groter plante vreet snywurms aan die stam, maar die plant bly behoue met net 'n letsel aan die stam.

Hittekanker, wat ook stamkanker (*stem cancer*) heet, laat ook jong plante vrek en het vanjaar op die sandgrond van die Noordwes-Vrystaat voorgekom. Dié sandgrond is veral daarvoor bekend dat dit baie warm kan word, wat die bekende hitteskade en swak opkoms tot gevolg het.


Hittekanker laat jong plante vrek en die skade herinner, soos reeds genoem, aan dié van snywurms. Baie stamme is egter nie af nie, maar 'n duidelike ring waar weefsel vernietig is, is by die grondoppervlak sigbaar. Hittekanker is nie 'n siekte nie, maar is 'n beskadiging van die buitenste weefsel van die stam deur hitte. Indien wind voorkom, knak die stammetjie maklik by die beskadigde gedeelte.

Omstandighede moet net reg wees vir hittekanker om te ontwikkel. Die plant moet nog klein wees en die weer moet 'n hoë temperatuur by die grondoppervlak tot gevolg hê. Jong saailinge (waarskynlik in die vierblaar-stadium of kleiner) is kwesbaar terwyl die weefsel van die stam nog sag is.



▲ 1: Jong sonneblomplante wat weens hittekanker dood is.


Só lyk besproeiing se bydrae tot graanproduksie



Grafiek 9: Koring: Besproeiing 2004 tot 2014.

Besproeiingskoring se bydrae tot die finale oes is heelwat meer as in die geval van mielies. Hoewel die besproeiingsarea vir koringverbouing tans uit 28% (Grafiek 9) van die totale oppervlakte bestaan, dra dit bykans 50% by tot die totale koringoes van Suid-Afrika. Hierdie verskynsel beklemtoon dat koring onder besproeiing 'n belangrike rol in die koringbedryf speel.

Omdat Suid-Afrika 'n netto invoerder van koring is, is dit noodsaaklik dat koring onder besproeiing verbou word aangesien dit so 'n groot bydrae tot die totale produksie lewer. As die



Grafiek 10: Koring: Opbrengste – besproeiing versus droëland 2004 tot 2014.

besproeiingsoppervlakte egter sou afneem, kan dit tot gevolg hê dat Suid-Afrika meer koring moet invoer om aan die plaaslike vraag te voldoen.

Koring se opbrengste – beide onder besproeiing en droëland – het sedert 2004 geleidelike toenames getoon (Grafiek 10). Vir koring onder besproeiing het die opbrengs met 17,2% of 0,94 ton/ha toegeneem, terwyl die opbrengs vir droëland verdubbel het, van 1,34 ton/ha in 2004 tot 2,74 ton/ha in 2014. ■

Nuwe navorsing

oor bakteriese blaarstripe maak broodnodige kennis moontlik

BRADLEY FLETT, LNR-Instituut vir Graangewasse

Die veroorsakende patogeen van bakteriese blaarstripe is *Xanthomonas campestris* pv. *zeae*. Hierdie siekte is die eerste keer in 1949 in Suid-Afrika gerapporteer. Tot op datum is mielies (*Zea mays*) die enigste bekende, gerapporteerde gasheer.

Onlangs is daar nuwe navorsingsprojekte geïnisieer om die bakterieë, *Xanthomonas campestris* pv. *zeae*, beter te verstaan in terme van sy isolasie en identifikasie; voorts is inokulasie-tegnieke ontwikkel en die verspreiding van die siekte in Suid-Afrika is bepaal.

Die inligting gee ons tans 'n basis waarop ons verdere navorsing kan baseer. Navorsing word beplan om die siekte se potensiële opbrengsverliese oor tyd te bepaal, moontlike bronne van weerstand in kultivars vas te stel en om moontlike gasheerplante te identifiseer met behulp van 'n PCR-tegniek wat help om die bakterieë in plantmateriaal te identifiseer deur van DNA gebruik te maak.

Voorkoms en verspreiding

Bakteriese blaarstripe is tot dusver slegs in Suid-Afrika aangemeld en kom hoofsaaklik in warm, droë mielieproduksiegebiede voor (Figuur 1). Dit kom gewoonlik

voor in die Noordwes Provinse, Noord-Vrystaat en die suid-westelike dele van Gauteng op kommersiële aanplantings.

Die is ook al opgemerk in sekere saadproduksiedele van die land. 'n Paar jaar gelede was daar 'n aanhoudende toename in die erns en voorkoms van bakteriese blaarstripe in mielies, maar gedurende die afgelope drie jaar was daar 'n afname in die voorkoms van die siekte.

Seleksies in teelprogramme kan as rede hiervoor dien asook ongunstige omgewingstoestande vir die ontwikkeling van 'n bakteriese blaarstripe epidemie. Vir ons is dit dus van belang om hierdie siekte verder te bestudeer om gunstige toestande vir epidemies en geïntegreerde leerstrategieë te bepaal.

Die voorkoms van die siekte is baie wisselvallig en seisoene het definitief 'n groot effek op die siektelegraad.

Ekonomiese belangrikheid en epidemiologie


Bakteriese blaarstripe kan in sommige gevalle tot 40% voortydige verbruining en uitdroging van blare tot gevolg hê (Foto 1), wat moontlik tot verliese in graanopbrengs kan lei.

Tot op hede is verliese aan opbrengs as gevolg van bakteriese blaarstripe nog nie gekwantifiseer nie. Die ontwikkeling van 'n molekulêre tegniek wat die bakteriese voorkoms in weefsel kan kwantifiseer, genaamd 'n q-PCR, sal ons in staat stel om die infeksie, siektelevoorkoms en opbrengsverliese te kan bepaal.

Ons benodig ook 'n bakteriese doder vir die bespuiting van kontroleplante sodat dit met besmette plante vergelyk kan word. Dit is dus duidelik dat heelwat navorsing nodig is om die siekte beter te verstaan en te beheer.

Tans is daar min bekend oor die siekte se epidemiologie en die interaksie met die gasheer – die mielieplant – asook oor die oorwintering van die bakterieë. Ons maak nou staat op visuele waarnemings en die klein bietjie navorsing wat daarop gedoen is.

Bakteriese blaarstripe kan moontlik vir 'n hele aantal maande in oesreste oorleef en dus jong mielieplante infekteer wanneer omgewingstoestande gunstig is. Bykomende bronne van inokulum kan in besproeiingswater asook reën teenwoordig wees. Die patogeen kan ook versprei word deur plantluise en/of ander insekte, wind



Figuur 1: 'n Kaart wat die verspreiding van bakteriese blaarstripe aandui in die Suid-Afrikaanse mielieproduksiegebied. Bron: J. Nienaber, 2014



▲ Oneweredige letselrande van bakteriese blaarstripe met geel verkleuring.

en wanneer plante met mekaar in aanraking kom deur middel van diere, meganiese en menslike beweging deur die lande.

Ons is tot dusver nog nie seker of hierdie bakterie saadgedraagd is nie en dit hou belangrike ekonomiese implikasies in vir beide die saadbedryf en kommersiële uitvoere na ander lande toe. Volledige studies op die infeksieproses is tot op hede nog nie gedoen nie.

Daar word bespiegel dat primêre infeksies plaasvind in saailinge, terwyl sekondêre infeksies op jonger blare tydens die groei-proses plaasvind. Bakterieë kan moontlik die blare binnedring deur natuurlike openinge, soos huidmondjies, en dit is dus moontlik dat die hoogste infeksie in die middel van die dag kan plaasvind wanneer huidmondjies heeltemal oop is.

Kort nadat visuele letsels op die blare ontwikkel, vorm bakteriese uitskeidings op die letsels. Verdere navorsing om die verspreiding van die patogeen en die moontlikheid van saadgedraagdheid, beter te verstaan, is nodig. Hierdeur sal ons kan vasstel of dié patogeen 'n bedreiging vir mielieuitvoere kan wees of nie.

Simptome

Simptome kan tydens alle groefases van die mielieplant in die veld waargeneem word, alhoewel dit meer intens is tydens of net ná blom. Aanvanklike blaarsimptome is donkergroen, oliedeurdrenkte strepe.

Letsels is aanvanklik klein en vergroot later om smal, geelverkleurde, deurskynende strepe van 2 mm tot 3 mm wyd oor

die hele blaar te vorm. Dit is waar vroeër infestasies op jong plante voorkom en waar fotosintese beperk word wat latere graan-vul negatief beïnvloed.

Bakteriese blaarstreep letsels sal naderhand inmekaarvloeи om verlengde kolle of strepe te vorm wat bruin tot grys wit kan vertoon met 'n geel rand. Blare wat erg besmet is met bakteriese blaarstreep sal uitmekaarskeur en soos haelskade lyk.

Die maklikste manier om bakteriese blaarstreep uit te ken is deur bakteriële uitskeidings in die vorm van klein druppeltjies wanneer blare nat is of tydens 'n periode van hoë humiditeit.

Beheermaatreëls

Omdat daar min inligting oor bakteriese blaarstreep beskikbaar is, is dit moeilik om spesifieke beheermaatreëls neer te pen. Onlangse navorsing is gedoen deur die LNR-Instituut vir Graangewasse (LNR-IGG) in samewerking met die Noordwes-Universiteit om die siekte beter te verstaan.

Verdere navorsing word tans beplan rakan-de die epidemiologie asook die ontwikkeling van 'n geïntegreerde bestuurstelsel om bakteriese blaarstreep te beheer. Op die oomblik is daar nog nie bestande kommersiële mieliebasters geïdentifiseer nie, maar verskille tussen basters in kommer-siële aanplantings is al waargeneem.

Ons is tans op soek na statistiese kultivarproewe wat simptome toon sodat verskille in weerstand gemonitor kan word. Omdat mielies die enigste gedokumenteerde gasheer van bakteriese blaar-

streep is, behoort gewasrotasie te help om die inokulum van bakteriese blaarstreep laag te hou. Nog 'n moontlike manier om bakteriese blaarstreep inokulum te probeer beperk, is deur sanitasiepraktyke, soos die verwydering of vernietiging van oesreste en opslagplante. Dit sal die inokulum aan die begin van die plantseisoen verminder. Die braak- en drooglê van landerye word ook aanbeveel as 'n moontlike beheermaatreël.

Dit is belangrik om kennis te neem dat geregistreerde mielieswamddoders nie hierdie siekte onder beheer sal bring nie en duur bespuitingsprogramme dus nie ekonomies regverdigbaar is nie. Die siekte moet eers korrek geïdentifiseer word alvorens daar op beheermaatreëls besluit kan word.

Ons het oor die jare al menige navrae van produsente gekry wat toon dat verkeerde middels gespuit word om die siekte te voorkom/beheer. Daar is tans geen middel wat geregistreer is op bakteriese blaarstreep siekte nie.

Indien produsente/saadmaatskappye kultivarproewe het wat simptome van bakteriese blaarstreep toon, sal ons dit waardeer indien hulle ons in kennis kan stel sodat waarnemings gedoen kan word om moontlike weerstandbiedende kultivars te identifiseer en om vars nuwe isolate te versamel.

Kontakbesonderhede

Vir verdere inligting rakan-de bakteriese blaarstreep op mielies, kontak gerus vir prof Bradley Flett by 018 299 6100. ■



Hittekanker by sonneblom vanjaar opgemerk

'n Droë, digte grondkors kan op die oppervlak tydens warm, wolklose dae so warm word dat dit die weefsel waarmee dit kontak maak beskadig en die stam ringeleer. Die blaaroppervlakte is op dié stadium ook nog te klein om die stam met skaduwee te beskerm.

Die skade of vernietiging van die weefsel is dikwels genoeg om die plant te laat afsterf. Baie plante oorleef, maar 'n kurkagtige letsel ontwikkel aan die basis van die stam wat ook verdik kan wees. Dit bly 'n swakplek in die stam en die plant kan dan op 'n later stadium by die letsel afbreek.

Hittekanker kom gelukkig nie baie voor nie en daar is byna niks wat daaraan gedoen kan word nie. Die enigste wyse om die risiko van hittekanker so laag as moontlik te hou, is om te plant tydens die koeler deel van die seisoen, wat voor die middel van November is. ■

- 2: 'n Jong stam wat deur warm grond geringleer is.
- ▼ 3: Plante wat laat in die seisoen weens hittekanker omval.



Verhoog doeltreffendheid en produktiwiteit



Sunflower gee jou optimale grondbewerking, primêr en sekondêr

'n Goeie oes begin met korrekte grondbewerking. Sunflower-implemente is ontwerp vir die professionele boer wat weet dat gehalte-grondvoorbereiding noodaaklik is om opbrengs te verhoog. Sunflower verteenwoordig die voorste implementtegnologie uit Amerika en bied betroubare werkverrigting waar en wanneer dit saak maak.

Die reeks sluit in 'n tandem-snyeg, kontrasnyeg, saadbedvoorbereiding-implement, beitelploeg, inlyn-skeurploeg, kouterbeitelploeg en skottelskeurploeg. 'n Wye verskeidenheid opsies is beskikbaar ten opsigte van werkwydte en die aantal tandé of skottels, om aan behoeftes regoor die spektrum te voldoen.

Vir meer inligting of om jou naaste handelaar te vind, skakel 011 898 0474

How do we compare with “down under”?

– measuring and comparing the competitiveness of the South African wheat industry with Australia


DIVAN VAN DER WESTHUIZEN and **LINDSAY TRAPNELL**, The Bureau for Food and Agricultural Policy (BFAP);
Acknowledgement: **ASHLEY HERBERT**, Agrarian management, Perth

Concern has been shown about the persistent decline of areas sown to wheat in South Africa. In 1982, South Africa cultivated more than two million hectares of wheat and have ever since declined to 482 000 hectares in 2014 with the majority of the area lost in the summer rainfall region, or more specifically, the Eastern Free State (**Graph 1**).


A number of drivers have influenced this reduction over the past three decades where profitability, production risk and more favourable alternative crops were the main contributors.

Technology in maize and more recently, soybean seed varieties led to a steeper increase in yield levels which favour these summer crops above wheat production. Currently, the question is being asked whether climate change has influenced traditional precipitation during key growth stages of wheat in the Eastern Free State, forcing yield and yield growth trends downwards.

Furthermore, the adoption of conservation and rotational farm practise in the Western and Southern Cape, led to a consolidation of hectares between wheat, barley, canola and pasture crops.



Graph 1: Areas of production for wheat and yields per hectare for dryland and irrigated regions of South Africa.



Graph 2: Wheat production in South Africa and Australia (1990 to 2014).
Source: BFAP, 2014 and Australian Bureau of Census and Statistics, 2013

Graph 1 illustrates the loss in area over the past two decades and in particular, the summer rainfall region. The graph further illustrates the yield trend for dryland and irrigated wheat.

In this article, a comparison is made between South African and Australian wheat industries in order to measure and benchmark the relative competitiveness of the South African wheat industry with a large global player such as Australia.

Industry overview: South Africa and Australia

In the following graphs, comparisons are made between South Africa and Australia for total production, yield per hectare and US\$ value per ton for the period from 1990 to 2014. It is projected that Australia will produce more than 24 million tons of wheat in 2014 under approximately 13,83 million hectares compared to 1,68 million tons of wheat in South Africa under 482 000 hectares (**Graph 2**). Area under wheat production has increased from 9 million hectares in 1990 to 13,83 million in 2014.

Graph 3 illustrates the dryland wheat yield trends from 1990 to 2014. As can be observed from the graph, South African (winter rainfall region) yield levels have tracked those of Australia until 2000. Towards 2014, wheat yields in South Africa had outperformed the average obtained by Australian producers. The average yield obtained in Australia in 2013 was 2 tons per hectare compared to South Africa's 2,92 tons per hectare (winter rainfall region).

Stellar® Star

Die uitsonderlike oplossing vir die effektiewe beheer van die breedste spektrum grasonkruide



Hoekom moet Stellar® Star bo-aan jou onkruiddoderlys wees?

Stellar® Star is 'n hoogs-betroubare en gerieflike plaasbestuurplossing wat jou meer gemoedsrus bied.

- Leier in breë-spektrum beheer van **17 eenjarige grasse** en **31 breëblaaronkruide**
- Die mees konsekwente, effektiewe oplossing vir **onkruide wat moeilik is om te beheer**
- Vinnigste metode van werking** met onmiddellike resultate, wat kompetisie deur onkruide beperk
- Stellar® Star sal nie normale gewasrotasiepraktyke beperk nie.** Gevolglik is daar 'n baie laer risiko in vergelyking met ander na-opkoms onkruiddoders – Verwys na etiket

17 Grasse beheer

Wetenskaplike Naam	Algemene Naam
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjesinjaalgras
<i>Chloris gayana</i>	Rhodes chloris
<i>Chloris virgata</i>	Witpluim chloris
<i>Dactyloctenium aegyptium</i>	Hoenderspoor
<i>Digitaria eriantha</i>	Gewone vingergras
<i>Digitaria sanguinalis*</i>	Kruisvingergras
<i>Echinochloa colona</i>	Moerasgras
<i>Echinochloa crusgalli</i>	Hanepootmanna
<i>Eleusine coracana</i>	Jongosgras
<i>Eragrostis curvula</i>	Oulandsgras
<i>Eragrostis tef</i>	Tefgras
<i>Lolium multiflorum</i>	Italiaanse raagras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Tragus berteronianus</i>	Kleinwortelsaadgras
<i>Urochloa mosambicensis*</i>	Bosveldbeesgras
<i>Urochloa panicoides*</i>	Beesgras


* Hierdie grasse word as laat ontkiemers geklassifiseer en wisselvallige beheer mag voorkom, wanneer die ontkiemingsperiode verleng, onder sub-optimale klimaatstoestande.

Vinnige metode van werking

Die metode van werking sluit beide die 4-HPPD onderdrukker en ouksien onderdrukker in.

Topramezone

Dicamba



Geel en rooi pyle wys waar die Topramezone en Dicamba afsonderlik toegedien is. Van hier af beweeg die aktiewe bestanddeel opwaarts tot in die blare en afwaarts tot in die wortels vir effektiewe werking.




Verwrone groei effek van Dicamba




Verbleikte effek van Topramezone

Moeilike onkruide ook beheer



Citrullus lanatus
Karkoer



Commelinaceae
Wandelende jood



Fallopia convolvulus
Wilde bokwiet



Ipomoea purpurea
Purper winde

Dicamba komplementeer Topramezone deur die verhoogde beheer van addisionele kruipende breëblaaronkruide.

Vir meer inligting besoek die BASF Gewasbeskermingswebblad – www.agro.bASF.co.za

BASF
The Chemical Company

Stellar® Star Reg. Nr. L9391 Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddele: Topramezone 50 g/l. Dicamba 160 g/l. Versigtig. Verwys asseblief na die produksetiket vir volledige gebruiksaanwysings. Stellar® Star is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.

BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk ▪ Sestientendstraat 852, Midrand 1685 ▪ Posbus 2801, Halfweghuis 1685
Tel: +27 11 203 2400 ▪ Faks: +27 11 203 246 ▪ Webblad: www.agro.bASF.co.za ▪ Mobiele webblad: m.agro.bASF.co.za



How do we compare with “down under”?

The price in US\$ per ton for South African wheat is greater than for wheat grown in Australia (**Graph 4**). The reason is that South Africa is a net importer of wheat; whereas Australia is a net exporter. The average wheat price in 2013 in Australia was US\$326 per ton. In the same year, South Africa obtained an average Safex price of US\$372 per ton.

In the following section it is revealed that the gross margin per hectare for wheat grown in South Africa is higher than that of wheat grown in Australia. This is mainly because gross income for South African wheat attracts an import price that is higher than the export price for Australian wheat. The variable costs of production for South African and Australian grown wheat are very similar.

Farm-level comparisons: Measuring results from agri benchmark

Agri benchmark is an international network of agricultural experts, advisors, producers and agri businesses aiming to understand production systems, benchmark costs and who measures farm practises across the globe.

More than 30 countries currently form part of the network in order


to compare and benchmark farms globally from both a financial and technical perspective. In the following section a comparison is made between wheat farms in Australia's wheat belt and South Africa's Overberg, Eastern Free State and Northern Cape irrigation producing regions.

Graph 5 illustrates the yield obtained on a typical farm in Australia's western wheat belt and South Coast wheat belt producing regions compared to levels in the Overberg, Eastern Free State and Northern Cape irrigation regions.

The graph further shows the establishment cost per hectare for the two countries which include the cost for seed, fertiliser, plant protection and operating costs. The results refer to the following period:


- Australia: Average for 2009 - 2013
- South Africa – Eastern Free State: Average for 2012 - 2013
- South Africa – Overberg: Average for 2008 - 2012
- South Africa – Northern Cape: Average for 2008 - 2012

Graph 5 demonstrates that from a yield perspective, South Africa performed well against Australian farms where the Overberg region had outperformed both Australian typical farms.



Graph 3: Dryland yields of wheat for South Africa (winter rainfall) and Australia (1990 to 2014).

Source: BFAP, 2014 and Australian Bureau of Census and Statistics, 2013



Graph 4: Price of wheat in US\$ per ton for South Africa and Australia (1990 to 2014).

Source: BFAP, 2014 and Australian Bureau of Census and Statistics, 2013

The Eastern Free State farm with an average yield of 2,33 tons per hectare had outperformed the Australian wheat belt farm, but not the South Coast farm that is situated in a high rainfall region and is more representative of a typical western Australian farm.

In terms of cost structures, South Africa's establishment cost in both the Eastern Free State and Overberg was higher when compared to Australia's US\$199 per hectare in the western wheat belt and US\$261 per hectare in the South Coast wheat belt. In particular, contractor and diesel costs on South African farms were higher.

Graph 6 represents the key technical parameters between the two countries and illustrates fertiliser and seed application rates along with nitrogen technical and economic productivity indicators.

